UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## NEO-NAZISME IN SUID-AFRIKA: NOSTALGIESE FASCISME, 1945-1995

*" They are neo-Nazis who tour South Africa making speeches on the supremacy of the white man and the need to defend it .... They go to your country thinking they have found a place where their discredited ideas on racial supremacy can take root and thrive again."*[1]

- Prins Hubert zu Lowenstein, Maart 1965

### 1. Nostalgiese fascisme

Neo-Nazisme word gewoonlik as 'n sambreelterm gebruik om die fascistiese groeperings van die na-oorlogse tyd, dit wil sê die periode na 1945, te beskryf. Dit kan meer spesifiek as die politieke verskynsel waarvolgens kontemporêre fascistiese bewegings beskouings van die nasionaal-sosialisme as rolmodel navolg, gedefinieër word. Die nostalgiese variasie van die neo-Nazisme verwys na daardie bewegings wat die basiese wêreldbeskouing en stryd van die fascistiese tussenoorlogse bewegings opneem, maar dit ook by die veranderende omstandighede en behoeftes van die na-oorlogse wêreld aanpas.[2]

Die ontdekking aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog van die Holocaust en ander oorlogsmisdade wat deur die aanhangers van die fascistiese ideologie gepleeg is, het hierdie tipe bewegings en die ideologie wat met hulle geassosieer is oor die algemeen gediskrediteer. In Europa het geharde fasciste meestal ondergronds gegaan en het fascistiese groepe eers werklik teen die sestigerjare meer openlik te voorskyn gekom. Suid-Afrika, wat tydens die oorlog aan die kant van die Geallieerdes geveg het en nie 'n fascistiese regeringstelsel gehad het nie, het nooit dieselfde skuldprobleem as Italië, Duitsland en Frankryk, ondervind nie. Gevolglik het die Suid-Afrikaanse regering nie veel aandag aan die uitroeiing van die fascisme gegee nie en die plaaslike politieke opset het ook veroorsaak dat fascistiese groeperings, alhoewel aan die politieke kantlyn, redelik ongestoord met hul bedrywighede kon voortgaan. Baie van die bewegings het gesentreer rondom individue wat gedurende die oorlogstyd ondersteuners van die fascistiese ideologie in Suid-Afrika was en wat na die oorlog steeds gepoog het om hierdie idees te bevorder, en kan derhalwe hier onder die nostalgiese fascisme ingedeel word.

### 2. Die Duitsers

#### a. Nazi-immigrante

Na bewering het Suid-Afrika na die oorlog soos Suid-Amerika, 'n toevlug geword vir Duitse Nazi's, waaronder Nazi-amptenare en lede van die SS, wat Duitse en Duits-Afrikaanse kultuurorganisasies geïnfiltreer en gepoog het om die arrogante rassisme van die Hitler-beweging lewendig te hou. In

1 Soos aangehaal in B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 72.
2 R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 163.

1960 is daar in die *Wiener Library Bulletin*, wat radikale regse organisasies gemonitor het, beweer dat Suid-Afrika naas Argentinië, die grootste groep geharde Nazi's as enige ander land herberg. Die anonieme skrywer het egter ook genoem dat die Nazi's 'n baie klein persentasie van die Duitssprekende bevolking in die Unie en Suidwes-Afrika uitmaak.[3] George Harris het beweer dat dit algemeen bekend en goed gedokumenteer is dat baie Nazi's na Suid-Amerika en Suid-Afrika ontsnap het.[4] Hy kon egter nie sy bronne vir hierdie bewering op navraag staaf nie en dit is daarom moeilik bepaalbaar of hy hierdie stelling vanweë feitelike inligting of bloot algemeen aanvaarde konvensie geopper het.[5] Tog het Ingo Hasselbach, wat voorheen by die neo-Nazi beweging in Duitsland betrokke was, ook beweer dat hulle kontak met Nazi's in Suid-Amerika behou het en bygevoeg: "... this is one of the main sources of significant Nazi donations - South America, and also South Africa, in both of which places war criminals own businesses and ranches."[6]

Alhoewel die belangrikste Nazi-leiers meestal na Suid-Amerika gevlug het, is daar gevolglik verskeie bewerings dat enkele oorlogsmisdadigers ook na Suid-Afrika gekom het. Sedert 1950 het die regering se verskerpte immigrasiebeleid glo veroorsaak dat 'n aantal oud-lede van die SS hulle na bewering in Suid-Afrika gevestig het sonder dat enige vrae gestel is. Baie Nederlandse en Belgiese Nazi's het ook na bewering na Suid-Afrika geïmmigreer en saam met die oud-SS lede vorm hulle die kern van die sogenaamde bittereinders. Daar was ook 'n aantal Duitsers wat vir 20 jaar of meer in Suid-Afrika gewoon en geweier het om te aanvaar dat Hitler 'n euwel was. Die Nazi-beweging in Suid-Afrika het na bewering in die Duitse Klubs van die Unie en die destydse Suidwes-Afrika gefloreer, ten spyte daarvan dat die meeste lede teen Nazi-idees gekant was. Senator Louis Weichardt was byvoorbeeld voorsitter van die Duitse Klub in Kaapstad.[7]

Sommige van hierdie aspirant-immigrante se verblyf in die land was egter kortstondig en enkeles is gedeporteer. *SS-Obersturmführer* (Luitenant) Hans Walter Zech-Nenntwich is in die Duitse hof skuldig bevind aan oorlogsmisdade en 'n vonnis van vier jaar tronkstraf opgelê. Hy het egter kort daarna uit die Brunswick-gevangenis ontsnap en in 1964 sy toevlug in Kaïro gevind waar baie Nazi's na die oorlog gaan skuil het. Tydens die oorlog was hy egter die Geallieerdes met propaganda behulpsaam en is gevolglik as 'n verraaier deur die ander Nazi's in Egipte gebrandmerk. Hy is uiteindelik gedwing om na Suid-Afrika te vlug, maar het hom later aan die Bonn-regering oorgegee.[8]

Theodor Soucek wat na die oorlog deur die Oostenrykse hof ter dood veroordeel en later begenadig is, was 'kanselier' van die Sozialorganische Ordnungsbewegung Europas (SORBE) wat na bewering

---

3 Anon., Hitlerites' refuge in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960, p. 27.
4 G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 3.
5 Navraag na sy bronne het die volgende antwoord opgelewer: "...I do not have in my possession all the documentation I used in order to prepare my book and it is therefore difficult to know what gave me the impression that a number of Nazis escaped to South Africa. Whether my argument was based on intuition rather than on something I had read somewhere I really could not say ...". Geskrewe inligting: G. Harris, c/o European Parliament, Bur. 5.075, BELII, 97-113 rue Belliard, B-1047, Brussels, Belgium, gepos 1995-10-6.
6 I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 161.
7 Anon., Hitlerites' refuge in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960, p. 27; J. Pauw, Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03, p. 18.
8 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 321.

in kontak met honderde nasionale verenigings regdeur Europa was. Soucek is deur die neo-Nazi-jeug van Oostenryk en Duitsland as een van hul toekomstige internasionale leiers beskou. Hy het egter na Suid-Afrika geëmigreer waar hy moeilikheid met die polisie opgetel en gedeporteer is. Hy het hom hierna in Madrid gevestig. Die onder-kanselier van SORBE, Konrad Windisch, het in 1955 *Der Trommler* (*Fighting Journal of Patriotic Youth*) in Wenen gestig. Korrespondente vir *Der Trommler* het ekstremiste in Australië, Suid-Afrika, Brittanje, Ierland, Spanje en Swede ingesluit en daar was ook bewerings van sterk bande met die Tacuara-beweging in Argentinië.[9]

Sommige van die immigrante het deur die jare noue bande met regse bewegings in die land opgebou. 'n Bekende figuur is Heinrich Beissner (ca. 1913-), 'n ou-loods van die Duitse Lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog, wat gereeld by byeenkomste van die AWB en Boerestaat Party opgemerk word. In 1989 het die AWB-lyfblad hierdie "driftige Herr Oberst" as een van die beweging se ywerigste werkers en *Sweepslag* se grootste vriend beskou.[10] Kays Smit, voorheen finansiële sekretaris vir die AWB, het later op sarkastiese toon na hom verwys: "Selfs die gevaarlike SS-offisier, Stuka Vlieënier, Heinrich Beissner van die Duitse Hitler Nazi-beweging, erken hy was nie eers 'n sersant nie, net 'n gewone voetsoldaat."[11]

Volgens Pauw woon Suid-Afrika se Nazi's, wat veral onder die Duitse en Nederlandse gemeenskappe in Pretoria voorkom, en wat beroepsmense en gesiene lede van die gemeenskap insluit, vir die afgelope vier dekades onder 'n kombers van geheimhouding. Daar is vandag egter baie min oud-Nazi's in Suid-Afrika oor aangesien die meeste reeds dood of bejaard is. Die Duitse gemeenskap, wat graag die herinneringe aan die Tweede Wêreldoorlog sou wou uitwis, swyg ook oor die algemeen oor die Nazi's onder hulle. Die oud-Nazi's, wat steeds 'n heldeverering vir Adolf Hitler en 'n haat teenoor die Jode, swartes en alle nie-Ariërs het, kom ook baie min in die openbaar bymekaar. In die vroeë sewentigerjare was daar 'n groot Nazi-vertoon toe dr. Karl Heusler,[12] een van die groot geeste van die beweging, oorlede is. Hy het 'n ware Nazi-begrafnis gekry, 'n swastikavlag is oor sy kis gedrapeer en die Hitler-saluut is by sy graf gegee. Die ander openbare geleenthede het rondom die vrylating en dood van Rudolf Hess gedraai en sal later bespreek word. Daar bestaan egter volgens Pauw geen formele bond of vereniging van oud-Nazi's nie en soos in ander lande is 'n formele Nazi-organisasie ook in Suid-Afrika verbode. Nazi-groepe regdeur die wêreld behou egter kontak met mekaar en 'n groot fees van oud-Nazi's word elke jaar in München gehou wat ook deur Suid-Afrikaners bygewoon word.[13]

---

9 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 27, 218-219.
10 *Sweepslag* 1(4), Junie 1989, pp. 6-7; *Boerestaat Nuusbrief* 3, 1990, p. 2.
11 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 233.
12 J. Pauw (Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03) verwys na ene dr. R. Heusler, maar dit is waarskynlik 'n fout.
13 J. Pauw, Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03, pp. 18-19.

**b. Kontak met die buiteland**

Suidelike Afrika was ook die teiken van amptelike en nie-amptelike gesante van Wes-Duitsland waaronder vorige Nazi's en verteenwoordigers van neo-Nazi organisasies. Prins Hubert zu Lowenstein, 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Wes-Duitse regering, wat in Maart 1965 deur Suid-Afrika getoer het, het teen die gevaar van hierdie infiltrasie gewaarsku en genoem dat die bewegings rasbewustheid en wit heerskappy verkondig. Een van hierdie groepe het juis die land besoek terwyl hy hier was.[14]

Die neo-Nazi weekblad *Deutsche Wochen-Zeitung* het in Maart 1965 'n besoek van 25 Duitsers aan Suid-Afrika georganiseer. Die groep is deur die redakteur Waldemar Schütz en die kulturele redakteur, Heinrich Hertle, gelei. Schütz was 'n lid van die NSDAP en 'n offisier van die Waffen-SS, terwyl Hertle as sekretaris vir Alfred Rosenberg opgetree het. Onder die besoekers was sakemanne wat 'n studie van die ekonomie van die land kom maak het asook 'n aantal aspirant-immigrante. Die groep is hartlik deur regeringsamptenare ontvang, waaronder die kommissaris-generaal van die Transkei, en het professore, joernaliste, opvoedkundiges en swart amptenare ontmoet. Hulle het verskeie Duitse klubs besoek en met goedkeuring van die apartheidsbeleid gepraat. Hul Duitse kontak in Pretoria was dr. Karl Heusler, die eienaar van die Veritas-Boekwinkel in Pretoria wat verskeie ekstremistiese ultra-regse en anti-Semitiese publikasies verkoop het.[15] Die *Deutsche Wochen-Zeitung* is deur dr Gerhard Frey, leier van die Deutsche Volksunion (DVU) uitgegee. Frey is veral bekend vir sy publikasies wat op anti-Semitiese temas konsentreer en poog om Duitsland se oorlogsgeskiedenis te herskryf.[16]

'n Ander besoek wat in 1963 deur die *Deutsche Wochen-Zeitung* gereel is, was dié van Adolf von Thadden wie se ma in Oos-Londen gewoon het. Hy het daarna ook verskeie ander besoeke aan Suid-Afrika gebring en kontak met amptenare van denksoortige organisasies en prominente lede van die NP gemaak.[17] Von Thadden was 'n leidende figuur binne die Deutsche Reichspartei (DRP) wat in 1950 in Duitsland deur ondersteuners van die NSDAP gestig is. Die leier was *SS-Brigadeführer* (Brigadier) Wilhelm Meinberg, 'n oud-lid van die Nazi *Reichstag.* Die Nationaldemokratische Partei Deutschlands (NPD) is in 1964 deur Von Thadden, Fritz Thielen en Waldemar Schütz en ander ondersteuners van die Hitler-regeringstelsel gestig en was tot die tagtigerjare een van die grootste ultra-regse partye in Duitsland. Von Thadden self het tot en met 1971 as leier van die NPD gedien.[18]

---

14 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, pp. 71-72.

15 Anon., Neo-Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 19(3), July 1965, p. 47; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 198, 311; D. Childs, The far right in Germany since 1945, *in* L. Cheles *et al.*, *Neo-fascism in Europe*, p. 72; J.H.P. Serfontein, *Die verkrampte aanslag*, p. 34; sien *Afrika-Spiegel* 31, Juli 1965, p. 6 vir 'n advertensie van die Veritas-Buchhandlung.

16 R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 340; G. Ford, *Fascist Europe*, pp. 16-17.

17 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 72.

18 C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 130, 140; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p 198; D. Childs, The far right in Germany since 1945, *in* L. Cheles *et al.*, *Neo-fascism in Europe*, p. 72; E. Zimmermann & T. Saalfeld, The three waves of West German right-wing extremism, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 52, 54.

*SS-Sturmbannführer* (Majoor) Otto 'Scarface' Skorzeny (1908-1975) was een van die stigterslede van die Oostenrykse Nazi-party. In 1939 het hy by die Waffen-SS aangesluit en op 12 September 1943 was hy persoonlik verantwoordelik vir die bevryding van Benito Mussolini, wat deur die nuwe Italiaanse regering gevange gehou is. Op 20 Julie 1944 is Skorzeny, na die mislukte aanslag op Hitler se lewe, tydelik in beheer van die Duitse tuismagte geplaas. In November 1944 het hy die sabotasie-afdeling van die Derde Ryk se Sekuriteitskantoor oorgeneem waar hy verantwoordelik was vir die opleiding van inligtingsagente en terroriste uit regse bewegings in Frankryk, Spanje, Italië en België, sodat die oorlog agter die Geallieerde linies voortgesit kon word. Hy het op hierdie stadium ook 'n groot rol in die beplanning van ontsnappingsroetes vir Nazi-leiers gespeel. In April 1945 is hy deur die Amerikaners gevange geneem, maar in 1948 het hy uit 'n denazifikasiekamp ontsnap waarna hy na bewering deur die CIA gewerf is. Vanaf 1950 het hy sy tuiste in Madrid gemaak maar steeds wyd deur Europa en Suid-Amerika gereis. In 1953 het hy na bewering, onder leiding van die CIA, gehelp om die Egiptiese intelligensiediens op die been te bring en in 1969 het hy as veiligheidsraadgewer vir die Colombiaanse regering opgetree. In 1972 het Klaus Barbie beweer dat Skorzeny die hoof van 'n netwerk van ongeveer 100 000 Nazi-simpatiseerders in 22 lande was. In 1973 was hy ook betrokke by 'n regse sameswering om die Italiaanse regering omver te werp en bewerings van wapenhandel aan Moslem-fundamentaliste en ander organisasies is ook teen hom gemaak. Hy is in 1975 in Madrid oorlede.[19]

Skorzeny, wat 'n ingenieursbesigheid in Spanje asook 'n perdeplaas in Ierland gehad het, het Suid-Afrika in 1965 besoek om Spaanse industriële masjinerie by die Randse Paasskou uit te stal. Sy ingenieursbesigheid is na bewering as 'n front vir sy konsultasiedienste in onkonvensionele oorlogvoering gebruik. Senator Louis Weichardt het hom tydens 'n besoek aan Kaapstad as parlementêre gas ontvang. Tydens sy besoek aan Suid-Afrika het hy onder meer verklaar dat as hy sy lewe oor kon hê, hy weer vir Duitsland sou geveg het soos wat hy in die laaste oorlog gedoen het.[20] Na bewering het hy Suid-Afrika in November 1972 weer besoek en met hoë offisiere van die Suid-Afrikaanse Weermag ontmoet. Hy het by hierdie geleentheid 'n goue horlosie aan hulle gewys met 'n "M" en die datum van Mussolini se bevryding, "12.9.1943", daarop gegraveer.[21]

Ander bekende en gereelde besoekers aan Suid-Afrika sluit in Manfred Roeder en Thies Christophersen wat later bespreek sal word. Nie alle Nazi-simpatiseerders is egter tot die land toegelaat nie. So laat as 1981 byvoorbeeld, spreek Helen Suzman haar uit teen die toelating tot Suid-Afrika van Gerrit C. Blom, 'n SS-Stormjaer, Nazi-amptenaar en burgemeester van die besette stad Breda tydens die oorlog.[22] Karl-Heinz Hoffmann (1937-), leier van die Wehrsportsgruppe Hoffmann (WSG Hoffmann), is ook in 1977 'n toeristevisum vir Suidwes-Afrika geweier.[23] Hoffman het in 1974 die WSG Hoffmann in Duitsland gestig as 'n opleidingsorganisasie vir ultra-regse

---

19 G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 4-6; EIR, *Dope, Inc.*, p. 374; W. Stevenson, *The Bormann brotherhood*, pp. 130, 147-154.
20 Anon., Neo-Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 19(3), July 1965, p. 47.
21 W. Stevenson, *The Bormann brotherhood*, pp. 148-149, 153.
22 D.M. Scher, Defaming the Holocaust, *Kleio* 21, 1989, p. 23.
23 Anon., Antikommunistische Touristen in SA nicht gefragt?, *Der Deutsch-Südafrikaner* 2, März 1977, pp. 2-3.

militante. In 1977 is hy deur die Wes-Duitse regering vir die aanranding van studente en in 1979 vir die dra van 'n Nazi-uniform gevonnis. Sy beweging is in Januarie 1980 verban en was in September 1980 by die bomaanval op die München-bierfees betrokke. Hierna het hy na Beirut verhuis waar hy by Palestynse guerrillagroepe betrokke geraak het. In 1986 is hy op aanklagte van vervalsing, die onwettige besit van wapens, ontvoering en die marteling van een van sy volgelinge, vir nege en 'n half jaar tronk toe gestuur. In Julie 1989 is hy op parool vrygelaat. In 'n onderhoud in 1977 het hy aangevoer dat hy nie in die destydse demokrasie in Wes-Duitsland geïnteresseerd was nie en dat 'n diktatorskap met die regte man aan bewind enigiets vir 'n volk kan doen.[24]

### c. Duitse organisasies en koerante

Verskeie regsgesinde Duitse bewegings en publikasies is deur die jare in Suid-Afrika gestig waarvan sommige van die lede en ondersteuners simpatiek teenoor die Nazi-saak gestaan het. Slegs die enkeles waaroor inligting gevind kon word, sal hier bespreek word.

#### i. Deutscher Arbeitskreis

Die Deutscher Arbeitskreis Volkstreuer Verbände im Südlichen Afrika (DAVA) (Werksgroep van Nasionaal Getroue Organisasies in Suidelike Afrika) is in Maart 1967 deur 'n groep Duitsers in Johannesburg gestig. Die hoofspreker tydens die stigtingsvergadering was Rolf Wenzlaff, 'n passer en draaier, wat die standpunte van die NPD ondersteun het. Die leier van die groep, Oskar Sheffler, was 'n motorhandelaar en 'n oud-lid van die NPD. Die doel van die beweging was om die sogenaamde 'skrikbewind' van die Geallieerd-erkende politieke partye in Wes-Duitsland te beëindig en om 'n nasionale bewustheid onder Duitsers in Suid-Afrika te bevorder.[25]

#### ii. Kameradschaft ehemaliger Deutscher Soldaten und Internierter

Die oud-soldate vereniging, Kameradschaft ehemaliger Deutscher Soldaten und Internierter, was in 1970 verantwoordelik vir die oprigting van 'n gedenkteken ter ere van diegene wat gedurende die twee wêreldoorloë vir Duitsland gesterf het en veral gedurende die ses jaar lange 'stryd teen die Bolsjewisme en Plutokrasie' van die Tweede Wêreldoorlog hul lewens opgeoffer het. Die monument is op 8 November 1970 in die Duitse gedeelte van die Rebeccastraat-begraafplaas in Pretoria onthul.[26] Donasies vir hierdie doel is onder meer bymekaar gemaak deur vertoë in *Afrika-Spiegel* te publiseer en die redaksie het die oprigting van die gedenkteken geregverdig deur te noem dat 'n volk wat nie sy volksgetroue lede eer nie, nie werd is om te bestaan nie en gevolglik sy eie doodstyding skryf. Die oorlog van 1939-1945 is beskryf as 'n lang stryd om die selfbeskikkingsreg van die volk

---

[24] C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 137-138; C.T. Husbands, Militant neo-Nazism in the Federal Republic of Germany in the 1980s, *in* L. Cheles *et.al.*, *Neo-fascism in Europe*, p. 115.
[25] B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 73, sien ook p. 72.
[26] Anon., Enthüllung des Ehrenmals für die für Deutschland Gefallenen und Gestorbenen, *Afrika-Spiegel* 62, Jahreswende 1970/1971, p. 24.

waarin alle Duitsers van alle beroeps- en ouderdomsgroepe sonder enige klasonderskeid saam geveg het. Die finale ondergang is deur verraad en die opset van die wêreldpolitiek veroorsaak. Daar is verder aangevoer dat die gesneuweldes van die Duitse gewapende magte, die slagoffers van die bomterreur teen die vaderland, en diegene wat in die interneringskampe gesterf en geweier het om hulself deur verraad los te koop, met diepe ere en dankbaarheid erken word.[27]

'n Heldegedenkfees is elke jaar in November deur die Kameradschaft in samewerking met die Akademie für Kultur und Zeitgeschichte by die gedenkteken gehou. In die sewentigerjare is hierdie byeenkomste deur lede van die Soldatenkameradschaften in Windhoek en Pretoria, en die Bond van Oud-Geïnterneerdes, bestaande uit oud-lede van die Ossewa-Brandwag onder leiding van Jan Ackerman, bygewoon. 'n Erewag is gewoonlik deur oud-lede van die vier afdelings van die Duitse gewapende magte, naamlik die weermag, lugmag, vloot en Waffen-SS, gevorm. Kranse is gelê, liedere soos "Der Guten Kamerad" is gesing en grond van gedenkbegraafplase in Europa sowel as van die Baviaanspoort interneringskamp, is soms by die monument gegooi. Hierna is boodskappe uit Argentinië, Brasilië, Berlyn en die VSA voorgelees.[28] In 1972 is Rudolf Hess en admiraal Karl Dönitz, Hitler se amptelike opvolger en die laaste president van die Derde Ryk, ook in 'n toespraak vereer. Na Hess is verwys as die 'groot stryder vir die Europese volkevrede' wat deur 'n perverse wêreld gevange gehou is terwyl diegene wat die oorlog aangehelp en daardeur die vernietiging van Duitsland en die bolsjewisering van die ganse Oos- en Middel-Oos-Europa teweeggebring het, volgens die spreker deur 'n geskiedenisonkundige wêreld as belangrike staatsmanne voorgestel is.[29]

### iii. Hulpvereniging "Freiheit für Rudolf Hess"

Rudolf Hess (1894-1987), Hitler se sekretaris en die derde onderleier van die Nazi Ryk, het op 10 Mei 1941 met 'n Messerschmitt-110 vegvliegtuig na Skotland gevlieg met die beweerde doel om 'n vredesooreenkoms met Brittanje te bewerkstellig. Hitler het kennis van hierdie plan ontken en aangevoer dat Hess kranksinnig geword het. Hess is deur die Britte gevange geneem en in 1946 by die Nüremberg-verhoor tot lewenslange tronkstraf gevonnis. Alhoewel hy onskuldig bevind is aan oorlogsmisdade of misdade teen die mensdom, is hy wel skuldig bevind aan misdade teen vrede. Hy is saam met sewe ander Nazi's in die Spandautronk in Wes-Berlyn gevange gehou, maar teen 1966 was die ander almal reeds vrygelaat en was Hess tot en met sy dood in 1987 die enigste gevangene. Ongeveer $1 miljoen is jaarliks bestee om die tronk aan die gang te hou en alhoewel die Amerikaanse, Britse en Franse administrasie van die tronk bereid was om hom weens humanitêre redes vry te laat, het die Russe dit vanweë Hess se aandeel in die beplanning van Operasie Barbarossa, die inval van die Sowjet Unie, geveto.[30] Op 17 Augustus 1987 het Hess op die

27 Anon., Gefallen und Gestorben für Deutschland, *Afrika-Spiegel* 60, Juli/August/September 1970, p. 6.

28 Anon., Enthüllung des Ehrenmals für die für Deutschland Gefallenen und Gestorbenen, *Afrika-Spiegel* 62, Jahreswende 1970/1971, pp. 24-25; H. Walzl, Heldengedenkfeier 1971, *Afrika-Spiegel* 67, Jahreswende 1971/1972, pp. 7; Anon., Unsere Heldengedenkfeier 1972, *Afrika-Spiegel* 72, Januar/Februar 1973, pp. 8-9.

29 H. Walzl, Heldengedenkfeier 1971, *Afrika-Spiegel* 67, Jahreswende 1971/1972, p. 7.

30 Sien H. Thomas, *Hess*, pp. 51-52; "Hess, Rudolf", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia; M. Satchell, Rendezvous with destiny - Nazi style, *U.S. News & World Report* 103(9), 1987-08-31, p. 13; A. Nagorski, The ghost of Spandau, *Newsweek* 110(9), 1987-08-31, pp. 16-17.

ouderdom van 93 jaar selfmoord gepleeg alhoewel beweringe na die tyd ontstaan het dat hy vermoor is. Sy dood het simpatie onder veral die Duitse regsgesindes gewek en 'n mars wat sedertdien jaarliks na sy graf in Wunsiedel gehou word, word deur neo-Nazi's uit verskeie lande waaronder Brittanje, Italië, Spanje, die VSA en Skandinawië, bygewoon.[31]

As gevolg van sy onboetvaardige houding en sy lang en eensame aanhouding, is Hess algemeen as die leidende martelaar van die moderne Nasionaal-Sosialistiese beweging beskou en verskeie versoeke om sy vrylating is deur die jare gemaak. Ook in Suid-Afrika het oud-Nazi's in 1976 'n betoging in Pretoria gehou en 'n petisie opgestel waarin die vrylating van Hess bepleit is.[32] Die Hulpvereniging "Vryheid vir Rudolf Hess" is mettertyd los van enige politieke of ekonomiese bande in Duitsland gestig met die uitsluitlike doel om die vrylating van Hess uit die tronk te bewerkstellig. Die afgetrede generaal-majoor Max Sachsenheimer Freiburg het as voorsitter gedien met Hess se seun, Wolf Rüdiger Hess, as adjunk-voorsitter.[33] Die eerste vergadering van die Suid-Afrikaanse tak, onder leiding van Rolf Wenzlaff, het op 20 September 1968 in Johannesburg plaasgevind.[34]

Na Hess se dood het Koos Vermeulen van die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste (ANS) na bewering 'n groot rol in die organisering van 'n gedenkdiens vir Hess in Suid-Afrika gespeel. Die diens is op 20 Augustus 1987 in die Pretoria-Wes begraafplaas gehou en wel in dié deel wat vir die Duitse gemeenskap opsy gesit is. Gaste is individueel oor die telefoon genooi en sowat 250 mense, sommige met swastika-lapelwapens, het opgedaag. Onder die gaste was Kays Smit en P.W. Bingle van die AWB, Johan Schabort van die Blanke Bevrydingsbeweging (BBB), Meinhard Peters van die HNP en die buitelandse besoeker Thies Christophersen, 'n oud-soldaat en veral bekend vir sy boek waarin hy die Auschwitz-gebeure 'n leuen noem. Na 'n aantal toesprake, onder andere deur Schabort en Peters, is kranse by die steenmonument wat die gevalle Duitsers van die twee wêreldoorloë herdenk, gelê. 'n Musikale tussenspel het gevolg waarna twee groot swastikavlae stadig deur Vermeulen se twee kinders, geklee in die uniform van die Voortrekkerbeweging, ontplooi is.[35]

Die voorval het wydverspreide skok in regeringskringe en die Joodse gemeenskap veroorsaak. Die Staatspresident, P.W. Botha, het soos volg gereageer: "Any organisation in this country which wants to start an anti-Jewish campaign will be acting in conflict with the law and convictions of this country, and I, and the Government, will not hesitate to oppose such actions. I reject national socialism and its dictatorial system in the strongest possible terms. The South African Government will not hesitate to act against any individual or organisation which threatens or besmirches any community or minority group in this country."[36] 'n Geheime Joodse organisasie, die Jewish Defence Organisation (JDO), 'n

---

31 M. Satchell, Rendezvous with destiny - Nazi style, *U.S. News & World Report*, 1987-08-31, p. 13; A. Nagorski, The ghost of Spandau, *Newsweek* 110(9), 1987-08-31, p. 17; J. Greenwald, The inmate of Spandau's last wish, *Time* 130(9), 1987-08-31, p. 9; I. Hasselbach, *Führer-Ex*, pp. 177-178.

32 J. Pauw, Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03, p. 19.

33 Pamflet van die Hulpvereniging "Freiheit für Rudolf Hess", *Verklaring deur die gesin Hess*. (Hierdie ou pamflet, daterend ca. 1966, is in 1995 in die posbusse van woonstelblokke in Pretoria versprei).

34 *Afrika-Spiegel* 50, Oktober/November 1968, p. 12.

35 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 78-79.

36 Soos aangehaal in Anon., Nachruf für Rudolf Hess, *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, August/Oktober 1987, p. 7.

frontorganisasie vir die militante Amerikaanse Rabbi Meir Kahane se Jewish Defence League (JDL), het die AWB gewaarsku dat hulle nie meer met die Jode van voor die Tweede Wêreldoorlog te doen gehad het nie en voorbereid moes wees om die nagevolge van hul anti-Semitisme te dra. Die huismure van Helmut Kirchner in Randburg is met die Ster van Dawid en die letters "JDO" ontsier omdat hy 'n swastikavlag halfmas in sy tuin gehang het, terwyl anti-BBB slagspreuke op die huis van die BBB-leier, Johan Schabort, aangebring is.[37]

### iv. Duitse koerante

*Afrika-Spiegel* is sedert 1962 tot Desember 1977 deur Helmut L. von Lichtenfeld in Johannesburg en later Pretoria, uitgegee en het korrespondente in Duitsland, Oostenryk, Switzerland en die VSA gehad. Advertensies van buitelandse regse koerante en organisasies is soms geplaas soos Wilfred van Oven se *Deutsche kommentare am Rio de la Plata*, *Nation Europa*, *Der Handwerker* en die Wiking Jugend. Rudolf Hess se vrou, Ilse, het haar gastehuis, Die Bergherberg, daarin geadverteer, terwyl Louis Weichardt ook 'n aantal artikels vir die blad geskryf het. Die koerant was sterk Duits-nasionalisties en ten gunste van die vereniging van Oos- en Wes-Duitsland. In 1976 is 'n advertensie geplaas wat soos volg gelui het: "Deutschland 30 Jahre besetzt! 1945-1975. Nie vergessen. Immer daran denken."[38] Von Lichtenfeld, 'n vlootoffisier gedurende die Tweede Wêreldoorlog, was ook voorsitter van die Akademie für Kultur und Zeitgeschichte en het in hierdie hoedanigheid die jaarlikse heldegedenkfees in die Rebeccastraat-begraafplaas toegespreek. In 1977 het hy 'n pos by die *Deutsche Wochen-Zeitung* in Rosenheim, Duitsland, aanvaar en het die laaste uitgawe van *Afrika-Spiegel* gevolglik in Desember 1977 verskyn.[39]

*Der Deutsch-Südafrikaner* is sedert Februarie 1977 tot en met 1989 as 'n onafhanklike maandblad in Swakopmund deur Wolfgang Rolf Schirmer uitgegee. Berigte uit verskeie regse koerante is in die koerant geplaas waaronder *Nation Europa*, *The Spotlight*, *La Plata Ruf*, *Die Afrikaner*, *The Thunderbolt*, *South African Observer*, *Deutsche Wochen-Zeitung*, *Die Bauernschaft* van Thies Christophersen, die *AWB-Bulletin*, asook advertensies en artikels van organisasies soos die United Klans of America, die National Alliance, die Britse League of St. George en die Wiking Jugend. Advertensies van Kritik-Verlag en Samisdat Verlag het ook verskyn, terwyl enkele artikels van Manfred Roeder gepubliseer is. Die koerant was oor die algemeen sterk Duits-nasionaal, anti-kommunisties en anti-Semities georiënteerd en ten gunste van blanke heerskappy en die Historiese Revisionisme.[40] 'n Aanhaling in 1988 het byvoorbeeld gelui: "Wer an die '6 millionen' glaubt - dem hat man das him geraubt"[41].

---

37 Anon., Visa that was revoked, *S.A. Observer* 32(11), August 1988, p. 13.

38 Sien *Afrika-Spiegel* 88, 1976-01-20, teenoor p. 9. Vertaling: "Duitsland 30 jaar beset! 1945-1975. Moet nooit vergeet nie. Dink altyd daaraan".

39 Sien *Afrika-Spiegel* 19, April 1964 - 100, 1977-12-16.

40 Sien *Der Deutsch-Südafrikaner* 1, Februar 1977 - 53, Juni/Juli 1989.

41 Sien *Der Deutsch-Südafrikaner* 51, April/Mai 1988, p. 1. Vertaling: "Wie aan die '6 miljoen' glo is van sy brein beroof".

### 3. Die Suid-Amerikaanse verbintenis

Dit is reeds genoem dat Suid-Afrikaanse Duitsers die blad van Johannes von Leers, *Der Weg*, in Argentinië help finansier het. Hierbo is bygevoeg dat artikels van Duitse publikasies in Suid-Amerika ook in regse Suid-Afrikaanse Duitse koerante verskyn het. Kontak tussen Suid-Afrikaners en fascistiese ekstremiste in Suid-Amerika het egter verder gestrek as die blote uitruil van propaganda.

Gedurende die vroeë sestigerjare het Suid-Afrika 'n vlaag van anti-Semitisme beleef. Dit het waarskynlik 'n verband gehad met die skending in Desember 1959 van die Keulen-sinagoge in Duitsland wat wêreldwyd anti-Semitiese voorvalle veroorsaak het. Die Israeli's se ontvoering in Mei 1960 van Adolf Eichmann uit Argentinië vanweë sy aandeel in die Holocaust as die vervoerbestuurder van die Finale Oplossing, en sy gevolglike teregstelling in Jerusalem in Mei 1962, het waarskynlik ook 'n rol gespeel. In Januarie 1960 is die Wolmaransstraat-sinagoge in Johannesburg deur dinamiet beskadig en in 1961 is die voordeur van die Pretoria-sinagoge in 'n ontploffing vernietig. In Junie 1962 was daar dinamietontploffings by die Joodse oorlogsgedenkteken in die Wespark-begraafplaas in Johannesburg en by die sinagoge in Kaapstad. In 1964 is die Pretoriase begraafplaas deur anti-Semitiese graffiti geskend.[42]

Die speurder wat die Wolmaransstraat-ontploffing ondersoek het, het bevind dat 'n Argentynse fascistiese beweging, die Tacuara, vir baie van die voorvalle verantwoordelik was. 'n Aantal Hongaarse besigheidslui wat hulle na die val van die Nazi-regering in Suid-Afrika gevestig het, het die beweging glo finansieel en moreel ondersteun. 'n Geheime altaar versier met 'n portret van Hitler, 'n swastika-vlag, Nazi-embleme en kopieë van *Mein Kampf*, is in 'n Johannesburgse woonstel ontdek. 'n Groot aantal dokumente en pamflette vanaf Suid-Amerika met instruksies oor die maak en gebruik van plofstowwe, asook strooibiljette vol rassistiese propaganda, is ook gevind. Die pamflette is in Buenos Aires gedruk en maandeliks in groot bondels na Suid-Afrika gesmokkel. Dit was duidelik dat die Tacuara besig was om 'n ondersteuningsbasis in Johannesburg en ander Suid-Afrikaanse stede op te bou. Die polisie het bevind dat hierdie hoogs geheime fascistiese organisasie deels vir die ontploffings buite sinagoges en ander Joodse geboue en winkels, die aanbring van swastikas op mure en die vlaag anti-Semitiese graffiti in verskeie stede, verantwoordelik was.[43]

Die Tacuara-beweging is in 1930 deur 'n hoërskoolskolier, Juan Queralta, in Argentinië gestig. Die woord *tacuara*, wat spies in die inheemse taal beteken, verwys na die negentiende-eeuse *gauchos* wat onder die geharde diktator Juan Manuel de Rosa gedien het. Lede van die Tacuara is deur oud-SS en ander Nazi's, wat na die oorlog hul toevlug tot Argentinië geneem het, militêr opgelei en met 'n rassistiese ideologie geïndoktrineer. Hierdie jeugbeweging het hoofsaaklik bestaan uit die seuns van ryk aristokratiese families, grondeienaars en hoë offisiere van die weermag. Na die val van Juan

---

[42] D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 297, 306-307; B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 69; A. Pretorius, Een se Nazi-jag laat wêreld onthou, *Beeld*, 1995-08-25, p. 9.

[43] D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 296-297.

Domingo Perón se regering in 1955 het baie Nazi's uit Argentinië gevlug of, soos die Tacuara, ondergronds gegaan. Met die ontvoering van Eichmann het 'n hernude groei in die Tacuara en soortgelyke bewegings plaasgevind en 'n skielike vlaag van terrorisme is teen die Jode van stapel gestuur. Gedurende die sestigerjare het die beweging 'n 'Heil Tacuara' saluut gehad asook slagspreuke soos "Patriotisme ja - Jode nee'. Daar was na bewering tot 7000 aktiewe lede in Buenos Aires, maar daar was ook ondersteuners en lede in ander dele van die land, ander Suid-Amerikaanse state, asook in Suid-Afrika. Anti-Semitisme, wat tot 'n groot mate bloot gebruik is om onrus te stook, het die hoeksteen van hierdie opruiende en gewelddadige beweging gevorm. Die Tacuara self het aangevoer dat hulle met die een hand die kapitalisme en Sionisme en met die ander een die kommunisme beveg.[44]

Die Tacuara het, afgesien van Suid-Afrika, verskeie internasionale bande met onder meer *Der Trommler* in Oostenryk en die Aryan Knights of the Ku Klux Klan in die VSA, gehad.[45] Volgens Farago was die Tacuara egter bloot 'n onderafdeling van 'n groter en meer sinistere beweging, die Tercer Mundo. Dit het ontwikkel uit 'n geheime konvensie wat in 1942 deur Argentinië se mees reaksionêre en pro-Nazi elemente gehou is. 'n Aksieprogram is uitgereik met die doel om nie net mag in Argentinië oor te neem nie, maar om ook die ideologiese oorname van Latyns-Amerika in samewerking met Nazi-Duitsland en die hiërargie van die Rooms Katolieke Kerk, te bewerkstellig. President Perón van Argentinië was een van die stigterslede en leiers vir ongeveer elf jaar. Na sy val in 1955 het kol. Juan Francisco Guevara die leierskap oorgeneem en ook vir die geleidelike paramilitarisering van die Tacuara as 'n vleuel van die beweging, gesorg. Mettertyd het verskeie splintergroepe rondom die sentrale idee gevorm totdat dit in die laat sestigerjare in die konsolidasie van al hierdie groepe in die Movimiento Sacerdote Pra el Tercer Mundo (Heilige Beweging vir 'n Derde Wêreld) gekulmineer het.[46]

Die Tercer Mundo was 'n wêreldwye anti-kommunistiese koalisie van reaksionêre magte, bestaande uit inheemse Suid-Amerikaanse fasciste, radikale oorblyfsels van die Nasser-revolusie in Egipte, en selfs neo-Samurais in Japan, en is gesien as 'n globale opvolger vir Hitler se Nuwe Orde. Teen 1968 was daar takke in Portugal, Spanje, Italië, België, Libië, Algerië, Egipte, Irak, Jordanië, Iran, Taiwan, Japan, Paraguay, Bolivië, Peru en Venezuela. Finansiële hulp is na bewering vanaf beleggings van die weggesteekte skat van die Derde Ryk in Spanje, Portugal, Italië, Parys, Monaco, Luzern, Zürich asook die persoonlike skatkis van Perón, verkry.[47] Alhoewel daar nie enige verwysings na 'n Suid-Afrikaanse tak is nie, is die groepering waarskynlik plaaslik deur die Tacuara-beweging verteenwoordig.

---

[44] Sien D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 279-280, 287-289; L. Farago, *Aftermath*, p. 395.
[45] D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 219, 125.
[46] L. Farago, *Aftermath*, pp. 395-396.
[47] L. Farago, *Aftermath*, pp. 395-396.

## 4. Die Britse bewegings

Ten spyte van Brittanje se algemene beeld gedurende die Tweede Wêreldoorlog as teenstander van die Nazisme, was daar afgesien van lede van die Britse fascistiese bewegings, ook pro-Duitse simpatiseerders onder die regerende elite wat teen Churchill se oorlogsverklaring gekant en ten gunste van vrede met Duitsland was.[48] Volgens Van Rooyen was die Engelssprekende bevolking in Suid-Afrika ook, ten spyte van hulle liberale beeld, nooit werklik afsydig jeens politieke konserwatisme en rassevooroordeel nie, en het die toename in Britse immigrante sedert 1945 die voorkoms van rassisme onder hulle versterk. Verskeie van hierdie immigrante was die fascistiese saak goedgesind: "South Africa was especially popular among those British immigrants who already carried with them the baggage of racial prejudice and were attracted by South Africa's image of being a country 'where the white man knew how to keep the black man in his place' ..."[49]

So vroeg as Oktober 1949, byvoorbeeld, is die Brit J.L. Battersby, agt maande na sy aankoms in Suid-Afrika, as ongewenste immigrant verklaar. Hy het onder meer 'n kwartaalblad, *Nation. Towards a Gentile World Front*, wat as Hitler-vererend en anti-Semities beskryf is, gepubliseer. Hy het ook probeer geld insamel vir die immigrasie van geskikte Ariese weeskinders en daar was selfs sprake van 'n Hitler-sentrum in Newcastle.[50] Na-oorlogse Britse fascistiese bewegings se invloed het ook tot hier gestrek en takke is selfs in Suid-Afrika gestig. Van die bekendstes was die bewegings wat rondom die politieke sienings van Oswald Mosley gevorm is.

### a. Die Mosleyiete

#### i. Oswald Mosley

Sir Oswald Emald Mosley (1896-1980) was gedurende die twintigerjare lid van die Britse parlement vir onder meer die Konserwatiewe Party, die Arbeiders en later vir sy eie wegbreekgroep, die New Party. Nadat 'n memorandum wat hy in 1930 oor ekonomiese hervorming aan die parlement voorgelê het, verwerp is, het hy met die politieke stelsel ontnugter geraak. In 1932 stig hy die British Union of Fascists (BUF), bestaande uit paramilitêre groepe met swart uniforms wat gereeld in straatgevegte met kommuniste en linkse militante betrokke was. Die beweging het kontak gehad met verskeie Fascistiese bewegings in Europa en spesifiek met Mussolini en het teen die laat dertigerjare onder die invloed van die Duitse Nasionaal-Sosialiste gekom. Vir Mosley was 'n ekonomiese oplewing die sleutel om Engeland tot sy vroeëre glorie te herstel. Die BUF het derhalwe 'n sentrale, korporatiewe en outarkiese ekonomie onder 'n sterk regering en los van die liberale demokrasie, voorgestaan. Anti-Semitisme en die idee van 'n internasionale Joodse sameswering het ook sterk in

---

48 Sien J. Costello, *Ten days that saved the West*, pp. 102, 113-115.
49 J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 103-104.
50 Anon., Hitler's friends in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), 1950, p. 20; J.C. Moll, *Fascisme ...* , p. 152.

die beweging se retoriek gefigureer. In 1940 is die meeste van die leiers van die BUF, waaronder Mosley, geïnterneer en het die beweging vanself doodgeloop.[51]

Mosley het reeds gedurende die dertigerjare die idee van 'n verenigde fascistiese Europa probeer bevorder, 'n tema wat sedert die oorlog 'n deel van die hoofstroom fascistiese denke geword het. Gedurende sy internering het hy sy fascistiese visie uitgebrei en verander. Hy het geglo dat die eng nasionalisme van die Fascisme en Nazisme plek moes maak vir 'n pan-Europese nuwe orde. Dit sou as 'n soort 'derde weg' tussen die kommunisme en kapitalisme dien, en sterk klem is op die rol van die leier en die 'wil' gelê. Dit was 'n sintese tussen die fascisme en demokrasie, en ook 'n soeke na hergeboorte in 'n poging om 'n nuwe vorm van die menslike natuur te skep, naamlik 'n dinamiese en mededingende mens wat nie geldgesentreerd of individualisties was nie.[52]

Na sy vrylating in 1943 het hy probeer om hierdie idees in sy beweging te laat herleef en in 1946 is 'n onsuksesvolle opvolgbeweging van die BUF, die British Union of Ex-Servicemen and Women, deur Mosley se sekretaris, Jeffrey Hamm, gestig. Hamm is na bewering gedurende die oorlog in Suid-Afrika geïnterneer. Mosley het die na-oorlogse tydperk hoofsaaklik in selfopgelegde bannelingskap in Frankryk uitgedien terwyl hy vir die ekonomiese krisis in Brittanje, wat hy geglo het hom aan bewind sou bring, gewag het. In 1948 stig hy die Union Movement en in 1950 het hy 'n fascistiese kongres in Rome en in 1951 die Malmö-konferensie waartydens die European Social Movement gestig is, bygewoon. Mosley het groot klem gelê op internasionale bande tussen regse bewegings en het gereeld met ekstremiste soos Rudel, Skorzeny en Almirante, beraadslaag. Teen die middel van die vyftigerjare was die Union Movement feitlik tot niet alhoewel dit nog tot die laat sewentigerjare deur Hamm gelei is. Mosley se idees is egter steeds in die tydskrifte *Action* en *The National European* gepubliseer. In 1974 het 'n skeuring binne die beweging tot die stigting van die League of St. George gelei, en in 1978 het die Action Society met Hamm as leier by die Union Movement oorgeneem. Die Action Society het die pan-Europese model nagevolg waarvolgens die skep van 'n nuwe magsblok bestaande uit Wes-Europa en die lande van die ou Statebond met blanke regerings, waaronder dus ook Suid-Afrika, bepleit is.[53]

### ii. Die Mosleyiete in Suid-Afrika

Oswald Mosley was na die oorlog 'n gereelde besoeker aan Suid-Afrika en is selfs deur die Eerste Minister en ander lede van die Kabinet ontvang. Hy het op 'n stadium twee funksionerende takke van sy beweging in Suid-Afrika gehad met Derek Alexander as sy hoofagent in Johannesburg. Hy het ook 'n tak van die Europa-Africa Association, wat 'n tweeweeklikse tydskrif, *Action*, gepubliseer het, in

---

51 C.Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 323; H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, pp. 88-90; S. Taylor, The radical right in Britain, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 167-168; "Mosley, Sir Oswald Ernald", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

52 R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 174, 323; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 176.

53 C.Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 294, 323, 328; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 323; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 176; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 34-35, 38-40; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 31.

Johannesburg gestig. In 1959 is 'n tak van die internasionale European National Movement in Suid-Afrika onder die leierskap van Alexander gevorm.[54]

In 1960 is 'n boikot van Suid-Afrikaanse goedere deur die Britse publiek, wat teen die rassebeleid van die Verwoerd-regering gekant was, deur die Union Movement teëgestaan. Mosleyiete en ongeveer 10 000 boikotters het later op Trafalgarplein in Londen gebots. Mosley se amptelike standpunt jeens Apartheid was dat dit oor die hele Afrikaanse vasteland ingestel moes word.[55] Tydens sy laaste besoek aan Suid-Afrika teen die middel sestigerjare, het hy aangekondig dat hy sy planne laat vaar het om sy Union Movement in Suid-Afrika te vestig, omdat hy nie 'n opposisie vir die NP wou stig nie. Volgens hom moes Afrika in wit en swart gebiede verdeel word en het hy Suid-Afrika uitgesonder as een van die gesondste plekke in die wêreld en Britse immigrante aangemoedig om by die NP aan te sluit. Hy het bygevoeg dat Suid-Afrika reeds vir baie generasies op die voorgrond van die rasseverhoudingsprobleem gestaan het en 'n voorbeeld vir die afsonderlike ontwikkeling van die rasse gestel het.[56]

Een van Mosley se ondersteuners, William Webster, 'n professionele bokser, het Suid-Afrika in 1962 besoek met die doel om £100 000 van simpatieke sakelui in te samel. Die fondse sou in die Britse verkiesing aangewend word om honderd Mosley-kandidate in die verkiesing te plaas, sodat die Arbeidersteun verdeel kon word en die Konserwatiewe Party weer 'n oorwinning kon behaal.[57] Volgens Webster was die NP in Suid-Afrika op die regte pad met hul beleid: "They are much shrewder than you think. They are following the same path as Hitler did, but they will not be as hasty as he was. They are going very slowly now, but they will smash their enemies in the end."[58] Hierdie vyande het hy soos volg omskryf: "I don't have to tell you the Nazis went for the Jews and the Communists."[59] Hy het ook aangevoer dat die Mosleyiete slagspreuke teen die 'Swart Gevaar' in Brittanje as propaganda vir hul verkiesingsveldtog gebruik: "Beware of the Black man - he will steal your job, then your wife, and you will end up in his cooking-pot."[60]

**b. Die Candour League**

**i. A.K. Chesterton**

Arthur Kenneth Chesterton (1899-1973), die neef van die bekende skrywer G.K. Chesterton, het op sestienjarige ouderdom by die Suid-Afrikaanse Infanterie aangesluit en gedurende die Eerste Wêreldoorlog in die Duits-Oos-Afrika-veldtog en later as offisier aan die Wesfront in Europa geveg. Op negentien het hy bevel oor 'n kompanie gevoer en die Militêre Kruis vir sy deelname in die aanval

54 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 70; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 307.
55 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 39.
56 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 70.
57 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 307-308.
58 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.
59 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.
60 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.

op die Hindenburglyn ontvang. Volgens 'n biografiese beskrywing agter in sy boek, *The new unhappy lords*, was hy in 1922 instrumenteel om 'n einde aan die Rooi Opstand aan die Witwatersrand te bring deur 'n bajonetaanval op die rebellehoofkwartier in Fordsburg te lei. Oberholster se werk oor die mynwerkerstaking maak egter geen melding van Chesterton se aandeel nie.[61] In 1933 het hy by die BUF aangesluit en was onder meer redakteur van die beweging se nuusbrief, *Blackshirt*, hoof van Publisiteit en Propaganda, en Mosley se biograaf. In 1938 het hy vanweë verskille oor die taktiek en organisasie van die BUF, finaal met Mosley gebreek. Chesterton was een van die min BUF-leiers wat nie geïnterneer is nie en wat aan die Tweede Wêreldoorlog, as deel van die Britse magte in Somalië en Ethiopië, deelgeneem het. Hy was 'n joernalis wat vir nege jaar onderredakteur en hoofartikelskrywer vir *Truth* was totdat hy die redakteurskap van die *London Tidings* oorgeneem het. Vir vyf jaar het hy ook gereeld artikels oor internasionale aangeleenthede vir die *Journal* van die Royal United Service Institution geskryf voordat die Britse Oorlogskantoor sy artikels laat onderdruk het.[62]

Chesterton het 'n obsessie gehad met die magte van verval en agteruitgang wat gedreig het om Brittanje te oorstroom en was tot en met sy dood die vertolker van 'n sameweringsteorie wat op die Joodse finansiers gefokus het. Hiervolgens was die Jode in 'n samewering betrokke om nie net die Britse Ryk nie, maar die hele Ariese ras, te vernietig. Hy het homself na die oorlog van Mosley se pogings om die fascisme te laat herleef, gedistansieer, sy rassenasionalisme en anti-Semitisme aangepas en in plaas van 'n wedergebore Europa, eerder op 'n herbesielde Britse Ryk gefokus.[63] In 1947 het hy onder meer verklaar dat die fascisme gefaal het: "It failed so disastrously that it is impossible even to mention the word without invoking, not what its adherents meant when they used it, but what its deadliest enemies intend people to believe it to have meant. And that is defeat indeed! ... [Fascism] has only been made to appear unreasonable because National Socialist Germany and Fascist Italy both turned lunatic, preferring military glory to ordered tranquillity and thereby furthered the cause of their own destruction. Because of their excesses ... these regimes invested Fascism with so rank an odour that even such sanity as it contained is now held suspect."[64]

In 1953 stig Chesterton sy eie tydskrif *Candour*, wat wit heerssugtige sienings, anti-Semitisme, en die geloof in 'n Joodse samewering vir wêreldoorheersing, verkondig het. In 1954 stig hy die League of Empire Loyalists (LEL) wat daarin gespesialiseer het om, uit protes teen die afbreek van die Britse Ryk deur die toekenning van onafhanklikheid aan die kolonies, byeenkomste van die Konserwatiewe Party te ontwrig. Die beweging is in 1967 in die National Front (NF) geïnkorporeer waarin Chesterton tot 1971 as voorsitter gedien het. In 1971 het hy die NF verlaat vanweë die neo-Nazistiese sienings

---

61 Sien A.G. Oberholster, *Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922*, (Pretoria, 1982).

62 Sien A.K. Chesterton, *The new unhappy lords*, teenoor p. 224; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 178; S. Taylor, The radical right in Britain, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 168.

63 R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 178, 322.

64 A.K. Chesterton, The importance of being Oswald, *London Tidings* 85, 1947-11-29, soos aangehaal *in* R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 323.

van die res van die leierskap en *Candour* met hom saamgeneem. Na sy dood in 1973 het Rosine de Bounevialle die redakteurskap van die tydskrif oorgeneem.[65]

Enkele Britse ekstremiste het gedurende die vyftigerjare by die LEL aangesluit en hul regse politieke skoling hierdeur ontvang. Die meerderheid lede van die LEL was egter konserwatiewes eerder as fasciste. Van die jonger radikale regses het met tyd weggebreek en by die meer ekstremistiese bewegings, soos die Britons Society, die National Socialist Movement en die Greater Britain Movement, aangesluit. 'n Voorbeeld is Colin Jordan wat in 1955 by die LEL aangesluit maar die beweging te gematigd gevind het, en mettertyd tot een van Brittanje se aktiefste neo-Nazi opswepers ontwikkel het. In 1958 het hy die White Defence League en in 1962 die National Socialist Movement en die World Union of National Socialists (WUNS) gevorm.[66]

**ii. Die Candour League of South Africa**

Chesterton het Suid-Afrika gereeld besoek en het noue bande met die leiers van die NP en die Rhodesian Front gehad. In Maart 1964 het hy 'n byeenkoms in die Hotel Cecil in Kaapstad toegespreek wat tot die stigting van die Kaapse tak van die Candour League gelei het. 'n Tak van die beweging is ook in Rhodesië gevorm.[67]

Die Candour League of South Africa was ten gunste van wit heerskappy. 'n Teenboikot is begin teen lande soos Swede wat 'n sterk boikotbeweging teen Suid-Afrikaanse goedere gevoer het. Die blanke regering van Ian Smith in Rhodesië is ondersteun en 'n noodfonds vir Rhodesiese aankope is gestig. Die beweging het 'n lys uitgegee van die Britons Publishing Society, wat kopieë van die Protokolle van die Oudstes van Sion versprei en boeke waarin die Nüremberg-verhore, vrymesselary en Katolisisme aangeval is, verkoop het.[68]

**5. <u>Afrikanerbewegings</u>**

Afgesien van hierdie buitelandse bewegings, het enkele inheemse fascistiese groeperings ook onder die Afrikanergemeenskap ontstaan. In die vorige hoofstuk is gesien dat 'n groot deel van die Nasionale Afrikanerdom deur die fascisme se klem op nasionalisme beïnvloed is en dat baie van die vooroorlogse fascistiese bewegings na die oorlog bly voortbestaan het. Die Gryshemde is in Mei 1950 amptelik ontbind alhoewel Weichardt tot en met 1970 aktief in die politiek betrokke was. Die Ossewa-Brandwag is eers in 1954 ontbind terwyl die Nuwe Orde teen 1958 opgehou funksioneer het. Ook Robey Leibbrandt het hom tot en met sy dood in 1966 steeds met die politiek bemoei. Een van

---

65 C.Ó'Maolaín, *The radical right*, pp. 299, 325; R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 178, 322; S. Taylor, The radical right in Britain, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 168.

66 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 52; S. Taylor, The radical right in Britain, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 169; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 177; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 325.

67 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.

68 B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 308.

die bekendste van die sogenaamde hempbewegings wat na die oorlog bly voortbestaan het, was die Boerenasie wat vervolgens bespreek sal word.

**a. Die Boerenasie**

**i. Stigting**

Die Boerenasie was 'n nasionaal-sosialistiese beweging wat in 1940 deur Salmon Gerhardus Maritz (1876-1940) gestig is en vir 'n kort tyd prominensie onder sy leierskap verkry het. Genl. Manie Maritz, soos hy beter bekend was, was 'n lid van die ZAR-polisie en het reeds gedurende die Anglo-Boereoorlog vanweë sy onverskrokkenheid bekendheid verwerf. Na die beëindiging van die oorlog het hy geweier om hom oor te gee en via Duitswes-Afrika na Europa uitgewyk. In 1907 het hy teruggekeer en in 1912 'n aanstelling in die Suid-Afrikaanse Polisie aanvaar. In 1914 was hy 'n offisier in die Unie Verdedigingsmag en het aan die mislukte Rebellie deelgeneem. Hiema het hy in selfopgelegde bannelingskap in Angola, Spanje, Portugal en Mosambiek gewoon totdat hy in 1923 na Suid-Afrika teruggekeer en drie jaar gevangenisstraf vir hoogverraad opgelê is. Hy is egter in 1924 vrygelaat. Teen 1936 het hy onder die invloed van die nasionaal-sosialisme gekom en in 1940 het hy die anti-parlementêre Volksparty en later die Boerenasie, gestig. Teen hierdie tyd het hy ook sy teorie oor die beweerde Joodse sameswering en inmenging in die Suid-Afrikaanse en wêreldpolitiek, wat hy in sy outobiografie, *My lewe en strewe*, uiteengesit het, ontwikkel. Hy is op 20 Desember 1940 in Pretoria in 'n motorongeluk oorlede.[69] Die onderleier van die Boerenasie, D.A.J. de Flamingh, voorheen een van die leiers van die Swarthemde, is in 1941 vanweë sy pro-Nazi aktiwiteite geïnterneer. Kolonel Laas, die eerste leier van die Ossewa-Brandwag, het ook vir 'n kort tyd by die Boerenasie aangesluit.[70]

Die beweging is gedurende die sestigerjare deur 'n Natalse boer, 'kommandant-generaal' Ray K. Rudman, gelei. Die geskiedenis van die Boerenasie tussen die veertiger- en sestigerjare is onbekend en dit is onduidelik of Rudman die organisasie heropgerig en of dit in die voorafgaande twee dekades bly voortleef het. Rudman het reeds in die dertigerjare as fascistiese opsweper begin en was 'n generaal in die OB en ook een van die leiers van die Gryshemde. Hy het in die vyftigerjare berug geword vir sy openlike en venynige anti-Semitisme. Hy het vir 'n aantal jare propaganda versprei oor die sogenaamde Joodse bedreiging en die deportasie van alle Jode na Madagaskar voorgestel. Hy het ook 'n verering vir Nazi-Duitsland gehad, "... whose leaders ... were 'murdered at sham 'Nuremberg' for being 'guilty' for daring to try to prevent the satanic and blood-thirsty warmongers from exterminating their nation.' "[71] Sy pamflette was na bewering van 'n swak drukgehalte en vol

---

69 J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, pp. 42-43; sien ook M. Maritz, *My lewe en strewe*, (Johannesburg, 1939).

70 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 304-305; B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 84; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 38.

71 Soos aangehaal in Anon., Hitler's friends in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), ca 1950, p. 20.

spel- en grammatikafoute. Hy het verder die Aryan Bookstore by Pietermaritzburg beheer wat anti-Semitiese propaganda en ander pro-Nazi materiaal versprei het.[72]

**ii. Ideologiese beskouings**

Volgens Rudman was die Boerenasie 'n Nordiese organisasie wat Engelse, Afrikaners, Noorweërs, Duitsers en ander blanke volke binne hul geledere wou hê. 'n Tak van die Boerenasie was juis die South African Anglo-Nordic Union wat ten doel die beskerming van die Protestantse erfenis gehad het en bande met soortgelyke bewegings in Skandinawië gevorm het. Die duplikasie van Rudman se pogings in twee verskillende bewegings met presies dieselfde doelstellings, is volgens Eisenberg 'n interessante weerspieëling op Suid-Afrika se omstrede rassevraagstuk. Die Boerenasie het die Afrikaanse fasciste getrek en die Nordic Union die Engelse: "The two communities have never really hit it off in South Africa, and even when there are such great links as a common admiration for Adolf Hitler and a united belief in national-socialism, his followers still decline to show brotherly love and insist on serving under two separate flags."[73]

Die beweging was anti-Katoliek, anti-Indiër, anti-liberaal, anti-Joods, anti-kommunisties en gebaseer op Hitleriaanse ideale. Volgens Rudman: "The utterances of all prominent Jews and Communists are being filed for reference. We stand for the blood question. Blood is everything, and the biggest crime of those who are our members is to mix their blood."[74] Alle Indiërs moes na Indië gerepatrieer word en alle Jode na Israel, terwyl swartes geen staatsopvoeding moes ontvang nie. Rudman is teleurgestel deur die beleid van Verwoerd wat hy as te liberaal beskou het.[75] Volgens hom was dit verraad van die witman se erfenis om aan swartes sekere gebiede van die land te gee waar hulle hul eie state kon vorm en hy het sonder skroom genoem: "The kaffirs should be given nothing ..."[76]. Volgens die sekretaris, luitenant-generaal C.F. Vermaak, het die Boerenasie gehoop om die kleurprobleem deur middel van Derde Ryk-metodes op te los: "Unfortunately I cannot here explain our solution for the colour question; but you will be able to form a rough idea of it if you turn your thoughts back to the Third Reich."[77]

Die demokratiese staatsvorm is verwerp en sou deur 'n stelsel gebaseer op verantwoordelike leierskap en beroepsverteenwoordiging vervang word. Die beweging het filosofies na 'n Hegeliaanse staat gestrewe, naamlik die verering van die staat en die koördinasie van individuele belange met die geheel. Volgens die bekende filosoof G.W.F. Hegel (1770-1831) was die individu slegs volledig binne sosiale verwantskap en kon plig slegs binne 'n sosiale konteks bestaan. Die staat was vir hom

---

72 Anon., Hitler's friends in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), ca 1950, p. 20; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.
73 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 305.
74 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.
75 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 304, 306; J.C. Moll, *Fascisme* ... , p. 153.
76 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 306.
77 Anon., Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962, p. 13.

die manifestasie van die algemene wil en die hoogste uitdrukking van die etiese gees. Lidmaatskap van die staat was daarom een van die individu se grootste pligte.[78]

In September 1962 het Rudman 'n belangrike rol in die stigting van 'n nuwe party, die Suid-Afrikaanse Blanke Werkersbond, gespeel. Die beweging was ekstreem rassisties en het ten doel gehad die nasionalisering van alle minerale rykdomme, die afskaffing van die 'verraderlike Marxistiese en vreemde belastingstelsel', die repatriasie van alle uitlanders, geen opvoeding vir swartes en gratis jaarlikse vakansie treinkaartjies vir elke blanke gesin.[79]

Die doel van die Boerenasie was volgens Rudman om die mag in die land oor te neem. Die beweging, met 'n beweerde ledetal van 40 000, se aktiwiteite is gedeeltelik in die geheim uitgevoer en daar is vermoed dat dit ook 'n paramilitêre onderdeel gehad het.[80] In Junie 1965 is onthul dat Rudman in kontak was met oud-Nazi's in Egipte in 'n poging om wapens vir sy beweging vanaf Noord-Afrika te bekom. In 'n brief na Kaïro wat met 'n swastika gestempel is, skryf hy: "Forward National Socialism. Heil Hitler."[81]

### iii. Die Boerenasie as fascistiese beweging

Die Boerenasie het kontak behou met fascistiese ekstremiste in die buiteland en in 1962 is 'n verteenwoordiger na internasionale fascistiese kongresse in Europa gestuur. Die Argentynse leiers van die Tacuara-beweging was beïndruk deur die fascistiese sienings van Rudman, sodat hy 'n uitnodiging van Buenos Aires ontvang het om die beweging se eregeneraal in Suid-Afrika te word. Rudman was na bewering ook 'n verteenwoordiger van die Ku Klux Klan. Lede van die Boerenasie het mekaar met die simbool '88' gesalueer. 'H' is die agtste letter van die alfabet en die '88' staan dus vir 'HH' en beteken 'Heil Hitler'.[82]

Alhoewel daar nie veel inligting oor die beweging verkry kon word nie, is dit tog uit die voorafgaande duidelik dat die Boerenasie aan die vereiste kenmerke van die fascisme voldoen. Hulle het 'n soort Ariese rassenasionalisme voorgestaan en was gekant teen die demokrasie, liberalisme, kommunisme en kapitalisme. Die beweging was ook rassisties en sterk anti-Semities georiënteerd. Hulle het 'n organiese, korporatiewe staat onder sterk leierskap voorgestaan en klem gelê op die regte van die blanke werkersklas. Boonop het die beweging 'n potensiaal vir geweld getoon en het Rudman ook 'n bewondering vir Hitler gehad: "We have borrowed much from National Socialism as proclaimed by Adolf Hitler in the Third Reich and have adapted it to South African conditions .... Above all it is our aim to free our Fatherland - which we love fanatically - from the forces which undermine our state and

---

78 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304; Anon., Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962, p. 13; "Hegel, G(eorg) W(ilhelm) F(riedrich)", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

79 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 305.

80 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.

81 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 306.

82 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 305-306; Anon., Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962, p. 13.

people. These include international capitalism, Roman Catholicism, the Jews, and other secret movements which aim at forming a state within a state."[83]

### b. Die Afrikaner Weerstandsbeweging

Alhoewel die Boerenasie die voortsetting van 'n beweging was wat voor 1945 ontstaan het en daarom hier onder die nostalgiese fascisme ingedeel word, het dit waarskynlik teen die sestigerjare in 'n meer mimetiese tipe organisasie ontwikkel. Dieselfde problematiek geld ook vir een van Suid-Afrika se bekendste politieke bewegings, die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB). Alhoewel die AWB in sy uiterlike kenmerke meer tot die mimetiese fascisme behoort, is dit ideologies 'n nostalgiese vorm van fascisme wat poog om baie van die ideale van die Ossewa-Brandwag te laat herleef en word daarom hier onder die nostalgiese fascisme bespreek.

#### i. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis

Die AWB is op 7 Julie 1973[84] in 'n motorhuis in Heidelberg, Transvaal deur Eugene Terre'Blanche, Jan Groenewald, J.J. Jordaan, D.J. Jordaan, Piet Preller, Renier Oosthuizen en Kobus Strydom gestig. Die doel van die beweging sou wees om Afrikaners wat nog met 'n idealisme vervul was in 'n buiteparlementêre organisasie saam te snoer, asook om weerstand te bied teen die sogenaamde 'paai- en weggeebeleid' van die NP-regering en alles wat volksvreemd en die Afrikaner vyandiggesind is. Gedurende die eerste ses jaar van die AWB se bestaan was die beweging klein, onbekend en leierloos. Die leierskapsmantel, wat aanvanklik aan die advokate Johan Rossouw en Chris Beyers aangebied is, het eers nadat hulle dit van die hand gewys het, in 1979 op die skouers van Eugene Terre'Blanche geval.[85]

In 1977 het 'n aantal verhoogkunstenaars gepoog om die Breytenbach-teater vir alle rasse oopgestel te kry deur petisies in 'n aantal winkelsentrums te versprei. Dit het aanleiding gegee tot die eerste openbare optrede van die beweging toe 'n aantal AWB-lede dit op hulself geneem het om die petisies te vernietig. Die AWB het met hierdie optrede aangedui dat hy alle vorme van integrasie sou beveg. Dit was egter eers in Maart 1979, met die teer-en-veer van die historikus, prof. F.A. van Jaarsveld, omdat hy kwansuis die heiligheid van Geloftedag bevraagteken het, dat die AWB die openbare kollig betree en sy beeld as die bewaarder van Afrikanerinstellings en -waardes gebou is. Terre'Blanche en twaalf ander lede is van aanranding, betreding, *crimen injuria* en saakbeskadiging aangekla. Skielik het almal van die beweging geweet, die pers het aandag aan die AWB begin gee, die bywoning van vergaderings het verbeter en die ledetal het begin groei.[86]

---

83 D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.

84 Volgens Kays Smit is daar binne die AWB self onsekerheid oor die stigtingsdatum. Alhoewel dit amptelik as 1973 aangegee word, maak sommige dokumentasie melding van 1971. Smit twyfel ook oor die datum 7 Julie aangesien dit die drie-sewes-simboliek van die beweging versterk en boonop ook Martie Terre'Blanche se verjaarsdag is. Sien K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 7-8.

85 AWB, *Program van beginsels*, pp. 10-11; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 25-26; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 5, 9.

86 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 9-17; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 39-50, 103; S. Gastrow,

In 1982 word verskeie lede, waaronder Terre'Blanche, weens die onwettige besit van wapens en plofstof in hegtenis geneem. In 1983 is Terre'Blanche as gevolg hiervan 'n boete en twee opgeskorte vonnisse opgelê. In 1984 het die AWB, saam met die HNP en KP, 'n prominente rol in die stigting van die Afrikaner-Volkswag (AV) gespeel. Teen hierdie tyd het Terre'Blanche landswyd begin reis om massavergaderings toe te spreek en het hy met sy charisma heelwat steun vir die beweging gewerf. Gedurende 1986 en tydens die veldtog vir die algemene verkiesing van 1987 het die AWB verskeie vergaderings waar NP-ministers sou praat, opgebreek. Die meer gewelddadige sy van die beweging het nou sterker na vore getree, die AWB het wye mediadekking geniet en Terre'Blanche het groot gehore begin trek. Teen 1988 het die AWB 'n hoogtepunt bereik en die beweging het onstuitbaar gelyk.[87]

In 1989 is Terre'Blanche van kwaadwillige saakbeskadiging en *crimen injuria* aangekla nadat hy die hekke van die Paardekraal-monument beskadig het. Stories het ook die rondte begin doen van 'n beweerde verhouding met Jani Allan, 'n rubriekskryfster vir die *Sunday Times*. Dit het aanleiding gegee tot die skorsing van enkele hooggeplaaste lede waaronder Jan Groenewald (onderleier), Alkmaar Swart (voorsitter van die Grootraad), Chris Jooste en Manie Maritz, nadat hulle om Terre'Blanche se bedanking gevra het. 'n Skeuring in die hoofraad en die bedanking van duisende gewone lede het gevolg. Groenewald, Swart en Jooste het in Mei 1989 die Boere-Vryheidsbeweging (BVB) gestig. Eddie von Maltitz het weggebreek met die Nuwe AWB wat later na die Boere-Weerstandsbeweging (BWB) verander het en waarvan Andrew Ford die leierskap oorgeneem het. Dries Alberts (hoof van reklame en inligting), Chris Beyers, Willie Olivier en Dave Barnett (hoof van Aquila, die beweging se private sekerheidsmaatskappy), het ook die beweging verlaat. Alhoewel die AWB hierdeur in 'n oorlewingstryd gedompel is, is die beweging in 1990 geherorganiseer en het dit ten spyte van die voorafbespreekte terugslae, teen die vroeë negentigerjare 'n mate van sy vroeëre steun teruggewen. Dit kan hoofsaaklik aan Terre'Blanche se charisma en die politieke toestand in die land na Februarie 1990, waarmee die finale verval van Apartheid ingelei is, toegeskryf word. Die AWB was egter 'n groot deel van sy intellektuele en gesiene leiers kwyt en kritiek teen die hoofleier het van tyd tot tyd steeds na vore getree. Bewerings dat Terre'Blanche 'n drankprobleem het en diktatoriaal optree, en dat die AWB se finansies benard was, het veroorsaak dat Gawie Volschenk in 1991 met vier Wenkommando's weggebreek en die Boerekommando gestig het. In Januarie 1991 het die hoofsekretaris, Kays Smit, bedank om by die HNP aan te sluit en in 1992 het Piet Rudolph ook die beweging verlaat.[88]

Die AWB het met die totstandkoming van die wenkommando's in 1990 'n meer militante inslag gekry. Die beweging se dreigemente van oorlog indien 'n ANC-regering die bewind sou oorneem, en hul

---

*Who's who in South African politics IV*, p. 297.

87 H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 61; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 240; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 58-70, 72-73; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 69-74, 76-77, 92, 99.

88 H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, pp. 61-62; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 113-129; F. Lotter, Hoeveel lewens het Eugene Terre'Blanche?, *Beeld*, 1992-03-25; M. Van den Bergh, AWB geskud, *Transvaler*, 1991-03-01, pp. 1-2.

betrokkenheid by voorvalle van openbare opsweping, het al meer geword. In Augustus 1991 het Terre'Blanche byvoorbeeld 'n groot protesaksie teen 'n NP-vergadering in Ventersdorp waar president F.W. de Klerk sou praat, gelei. 'n Regse skare gewapen met vuurwapens, swepe, messe en selfgemaakte wapens, het na die saal gemarsjeer waarna hulle deur die polisie met traangas uiteengejaag is. Drie mense is in die voorval oorlede terwyl verskeie beseer is. Terre'Blanche het hierna verklaar dat die AWB besig was om sy kommando-eenhede vir revolusie voor te berei. In 1992 is Terre'Blanche vanweë sy aandeel aan die sogenaamde Slag van Ventersdorp tot agtien maande tronkstraf, opgeskort vir vyf jaar, gevonnis.[89]

In Junie 1993 het die Afrikaner-Volksfront (AVF) 'n betoging by die Wêreld-Handelsentrum in Kempton Park, waar die KODESA-onderhandelings plaasgevind het, gereël om protes teen die bekragtiging van 'n datum vir die April 1994-verkiesing aan te teken. AWB-lede het egter met 'n gepantserde voertuig deur die glasdeure gebars en die konferensiesaal met geweld beset. In Maart 1994 het die AVF as deel van die Vryheidsalliansie, 'n gewapende mag na Bophuthatswana gestuur om die onrustoestand daar te probeer bekamp. Die AWB het egter weereens die aksie gekaap en die wêreld is geskok toe drie AWB-lede koelbloedig deur 'n soldaat van die Bophuthatswana-weermag doodgeskiet is. Hierdie voorval het tot 'n finale breuk tussen die AVF en AWB gelei. Voor die April 1994-verkiesing het verskeie bomontploffings regdeur die land plaasgevind en 44 mans, die meeste lede van die AWB se Ystergarde, is weens die besit van onwettige plofstof en sabotasie aangekla.[90]

### ii. E.N. Terre'Blanche

Eugene Ney Terre'Blanche, gebore op 31 Januarie 1944 in Ventersdorp, se naam het sinoniem geword met dié van die AWB. Sy vader was De Villebois Mareuil Terre'Blanche, vernoem na die Franse kolonel G.H.A.V. De Villebois-Mareuil (1847-1900) wat as veggeneraal en aanvoerder van die Vreemdelingekorps in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) aan Boerekant geveg het. Terre'Blanche se tweede naam kom vanaf dié van Napoleon se veldheer, generaal Michel Ney, vir wie Terre'Blanche na bewering 'n onnatuurlike bewondering het.[91] Daar is deur die jare verskeie bewerings gemaak dat hy die spelling van sy van sou verander het om Wit Aarde te beteken, maar hy ontken dit: "Ons familie is baie Frans en het taamlik suiwer gebly. Die wat trots was op hul familie, het Terre'Blanche gebly."[92] Dit is dan ook so dat die stamvader van die familie, die Franse Hugenoot Estienne Terreblanche of Terreblanque was, en dat in sommige dele van die familie die van wel in die volksmond tot Terblanche of selfs Terblans, vereenvoudig is. Die spelling van die AWB-leier se

---

89 H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 62; S. Gastrow, *Who's who in South African politics IV*, p. 299; L. Du Preez, Terre'Blanche skuldig aan poging tot moord, *Beeld*, 1997-04-24, p. 1.

90 A. Kemp, *Vuur en verraad*, pp. 1, 3, 22; T. Prinsloo, F. Greyling & F. Lötter, Regses se verset skop af, *Beeld*, 1993-06-25, p. 2; A. Mischke, Só lyk plesierige Afrikaners se 'piekniek', *Rapport*, 1993-06-27, p. 5; L. Venter, Borgtog vir 2de keer aan regses toegestaan ná bomontploffings, *Beeld*, 1994-08-30, p. 9.

91 A. Kemp, *Victory or violence*, p.2; H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 243; J. Kruger, Ventersdorp en sy mense, *Sarie Marais*, 1988-03-23, pp. 65-66; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p.37; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 1; J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, p. 27.

92 J. Kruger, Ventersdorp en sy mense, *Sarie Marais*, 1988-03-23, p. 66; C. Ò'Maoláin, *The radical right*, p. 240, beweer byvoorbeeld verkeerdelik dat Terre'Blanche in 1943 as Terblance gebore is.

van op sy vader se sterfkennis word aangegee as Terre Blanche en dit wil voorkom asof die beweringe van sy naamsverandering ongegrond is.[93]

Sy belangstelling in die politiek het reeds op skool begin. Hy was voorsitter van die debatsvereniging van die Hoër Volkskool in Potchefstroom en het sy eie kultuurorganisasie, Jong Afrikanerharte, begin. Terre'Blanche vertel self: "Vroeg in my hoërskooltyd het die koshuisvader my pa laat kom en gesê ek is besig om van die andersdenkende kinders te intimideer, dat ek my wil aan hulle opdwing. Die pak slae wat ek gekry het was oënskynlik vir die spykers in my koshuiskamermuur waaraan ek foto's van Boerehelde soos Jopie Fourie en ander politieke leiers gehang het."[94] Na Matriek het hy hom by die polisie aangesluit en perdepatrollies vir die Veediefstaleenheid op die Suidwes-Botswana-grens gery. Dit was dan ook in Suidwes dat hy sy vrou, Martie Janse van Vuuren, ontmoet het. Later was hy verbonde aan die Staatspresidentswag wat verantwoordelik was vir die veiligheid van die Staatspresident en Eerste Minister se wonings. Na vier en 'n halwe jaar het hy die polisie verlaat en hom op die politiek toegespits. In 1970 staan hy op Heidelberg tydens die algemene verkiesing as onsuksesvolle kandidaat vir die HNP en werk ook as organiseerder vir die party, waarna hy tot 'n besef kom van die vergeefsheid van die partypolitiek en die parlementêre koukusstelsel. Terre'Blanche het een aangenome dogter, Bea, en boer tussen die politiekery deur op sy plaas, Witrandjiesfontein, in die distrik Ventersdorp.[95]

Terre'Blanche was ook voorsitter van die Afrikaanse Kultuurorganisasie van die SAP (AKPOL) en in 1969 het hy drie toekennings van die ATKV ontvang vir beste skrywer, akteur en regisseur van sy toneelstuk, *Iewers langs die wapad*, wat gedurende 1982 en 1983 as deel van 'n keuseboek vir Kaapse Sekondêre skole voorgeskryf is.[96] Hy het 'n groot liefde vir drama en poësie en is self 'n ywerige digter soos die volgende voorbeeld getuig:

O, land van skoonheid en van son,
O, land van purper awendgloed en skugter bron,
in jou wye eensaamheid lê die bitter selfverwyt:
in veragtelik lafhartigheid
het ons jou as Namibië weggesmyt.

Uit die vaal van jou gras,
deur die donker gevlekte klippe -
bloedroes van 'n vergete ras.
Jou kranse, kermende lippe,
wat uit die gelyk en die gras
na boontoe beur om na God te tas,
terwyl eensaam winde treur
van die ontrou van ons ras

---

[93] C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, p. 317; P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 170; Sterfkennis, De Villebois Mareul [sic] Terre Blanche, Meester van die Hooggeregshof, Pretoria, nr. 8334/85.

[94] H. Retief, Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue, *Sarie* 40(42), 1990-04-18, p. 36.

[95] H. Retief, Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue, *Sarie* 40(42), 1990-04-18, p. 36; C. Van Reenen, Die vroue in Eugene se lewe ..., *Transvaler*, 1990-06-01, p. 9; M. Moller, Eerste vrou van die AWB, *Sarie* 45(14), 1992-04-29, pp. 32-33; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 2-4; A. Fischer & M. Albeldas (reds.), *A question of survival*, p. 176; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 3-4, 6.

[96] A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 3-4; C. Van Reenen, Die vroue in Eugene se lewe ..., *Transvaler*, 1990-06-01, p. 9; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 4-5; Anon., Die waarheid agter die leuens: Eugene Terre'Blanche - orator en volksleier, *Boerant*, Augustus/September 1998, p. 8.

teenoor U, o Heer,
en hulle wat voor ons was.[97]

Hierdie talent gebruik hy tot groot voordeel in sy vurige toesprake waarvoor hy so bekend is en waarvoor hy die bynaam van Groot Karwats gekry het. Hy word beskou as een van die beste redenaars in die land en ook die man wat die mooiste Afrikaans praat. Hy het die vermoë om op sy hardste vir minute lank te gil en dan ewe skielik sag en hees te praat. Dan skielik bou sy stem weer op en laat hy die hele gehoor skater van die lag, dan skielik is hy dodelik ernstig, dan weer laat hy mens amper huil, net om direk daarna onverwags 'n grap te vertel wat die gehoor laat skud. Sy styl word dikwels met dié van Adolf Hitler vergelyk en hy het die vermoë, volgens sommige joernaliste, om die gehoor se aandag te behou selfs al sou hy 'n telefoonboek opsê. Dit is merkwaardig juis te meer aangesien hy nie sy toesprake voor die tyd uitwerk nie.[98] Volgens Leach: "His speeches are a symphony to listen to: a quiet beginning, then the introduction of a melody which repeats itself at various pitches and at various decibel levels, and a grand finale. He never rants, he never hams it up. His words just roll out naturally, enthralling his audiences with their power, their imagery and their drama."[99]

Die pers stel hom dikwels as 'n karikatuur en geweldenaar voor en hy is 'n groot gunsteling onder spotprenttekenaars. Vir sy volgelinge is hy egter bewonderingswaardig, 'n held, Die Leier, die Leeu van Wes-Transvaal. In die beweging se program van beginsels word hy soos volg beskryf: "Hy is 'n seun van die veld wat 'n ark moet bou; Hy is die kind van ware Afrikaner-nasionalisme; Hy is Godsman, Volksman, Vaderlander; Hy is die Boerseun met 'n roeping - Dit is hy wat sy volk ... na 'n eie vrye Christelike Republikeinse Boerevolkstaat moet lei."[100] Volgens sy vrou, Martie, het hy 'n sagte hart, en is hy nie 'n moeilike of oordonderende man nie. Hy is lief vir die grond en perde, speel graag met sy honde en lees baie. Hy drink nie suiker in sy koffie en tee nie en weier nagereg in simpatie met honger Afrikanerkinders. Sy charisma is oorweldigend en dalk het die *Sunday Times* joernalis Jani Allan dit nog die raakste beskryf toe sy gesê het dat hy nie 'n vertrek binnestap nie, maar besit daarvan neem.[101]

Tog blyk dit dat sy vroeëre openbare beeld as 'n nederige en grootse volksheld grootliks oordryf is en reeds teen 1986 het daar al weerstand en ontevredenheid teen die beweging en sy leier ontstaan.[102] Volgens Kays Smit het Terre'Blanche na bewering AWB-fondse vir sy eie persoonlike sake gebruik en is hy 'n alkoholis en vrouejagter. Ten spyte van die algemene siening is die meeste inwoners in Ventersdorp ook nie AWB-gesind nie: "Daar is bittermin mense wat vir Terre'Blanche respekteer. Hy is hoogs ongewild, maar ongelukkig swyg die meerderheid inwoners daaroor."[103] Behalwe uit AWB-

97 *Sweepslag* 2(1), Januarie 1990, p. 4.
98 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 3-4; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 35-37; G. Leach, *The Afrikaners*, p. 155; Persoonlike ondervinding tydens 'n AWB-vergadering te Kempton Park, 1992-05-06.
99 G. Leach, *The Afrikaners*, p. 155.
100 AWB, *Program van beginsels*, p. 2.
101 M. Moller, Eerste vrou van die AWB, *Sarie* 45(14), 1992-04-29, pp. 32-33; H. Retief, Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue, *Sarie* 40(42), 1990-04-18, pp. 36-37, 42; A. Kemp, *Victory or violence*, p. 113.
102 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 81.
103 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 274.

kringe self, was daar teen 1992 ook sterk geluide van afkeur uit ander regse groepe en is daar genoem dat: "As Terre'Blanche maar omgekom het in een van sy ongelukke, dan kon ons van hom 'n 'volksheld' gemaak het, begrawe het en 'n monument opgesit het. Nou sit ons egter met die leë dop!"[104] Volgens Van Rooyen het Terre'Blanche se reputasie as fratsemaker en sy lagwekkende openbare petaljes, soos om voor televisiekameras van sy perd af te val, hom tot 'n randfiguur binne die regse beweging teruggeskuif.[105]

### iii. Organisatoriese struktuur

Die aanvanklike interne struktuur van die AWB het baie met dié van 'n politieke party ooreengestem. Op takvlak was daar burgerrade waarvan die hoofbeampte van elk in 'n bepaalde streek, 'n streeksraad gevorm het. Die leiers van die streeksrade het weer gebiedsrade gevorm. Die belangrikste liggaam in die AWB, die Hoofraad, het uit die leier, die onderleier, die voorsitter van die Grootraad en die leiers van die streeks- en gebiedsrade bestaan. Die Uitvoerende Komitee, bestaande uit onder andere die leier, die onderleier, die hoofsekretaris en die administratiewe en finansiële sekretarisse, is deur die leier aangestel en was verantwoordelik vir die struktuur, strategie en funksionering van die beweging. Die Grootraad, wat ook deur die leier aangestel is, was hoofsaaklik adviserend van aard en sonder enige uitvoerende magte. Die hoogste liggaam was die Opperraad, maar dit is egter nooit in werking gestel nie aangesien dit eers in die volkstaat as 'n soort uitvoerende kabinet geaktiveer sou word. 'n Landsraad sou op soortgelyke wyse ook eers in die volkstaat in werking tree. Daarbenewens was daar ook 'n jeugbeweging, die Boerejeug, en aangesien die grondwet bepaal dat geen vrou in 'n gesagsposisie oor 'n man mag staan nie, ook 'n afsonderlike organisasie, die Boervrou, waarin die vrouelede georganiseer is.[106]

In 1990 is die AWB geherorganiseer en in Mei van daardie jaar is die Wenkommando bekendgestel. Die kommandostelsel, wat teen die laat agtiende eeu in die Kaapkolonie sy beslag as 'n mobiele burgerlike beskermingsmag verkry het, en mettertyd 'n unieke militêre rangstruktuur ontwikkel het, het nou die grondslag van die nuwe organisasiestruktuur gevorm. Die naam Wenkommando is oorgeneem vanaf die strafkommando wat in 1838 deur Andries Pretorius by Bloedrivier gelei is, en beklemtoon die AWB se siening van die Afrikaner as 'n Geloftevolk. Die ou burgerrade is in kommandemente omskep en die range in 'n kommando vorder van 'n burger tot 'n korporaal, veldkornet, kaptein, kommandant, hoofkommandant en generaal. Die opperbevelhebber is die kommandant-generaal (KG), 'n posisie wat die eerste deur Servaas de Wet, 'n oud-polisiekolonel, beklee is. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n sekretaris-generaal en twee assistent-kommandant-generaals. Die Opperraad was die hoogste wetgewende gesag en is deur die AWB-leier, wat nou die posisie van president beklee het, aangestel. In 1991 was dit vir die beweging nodig om sy grondwet te verander aangesien die beweging, wat aanvanklik as 'n kultuurorganisasie gestig is, nou meer op

---

104 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 299.
105 J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 95.
106 H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 60; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 144-147.

weerbaarheid en selfverdediging ingestel was. Die Brandwagte, wat sedert 1985 deel van die AWB was, het nou 'n integrerende deel van die kommando gevorm. Dit het die hele gesin omsluit en was verantwoordelik vir die beskerming van huis en haard en die administratiewe organisasie van die kommando. Die jeugafdeling, die Penkopkommando, het dieselfde opleiding as die ander groepe, naamlik skietlesse, selfverdediging, brandbestryding, noodhulp en kommunikasie, ontvang.[107]

Een van die meer positiewe aspekte van die AWB was die Volkshulpskema, aanvanklik bekend as die AWB-Voedingskema. Dit is in 1986 deur die AWB begin nadat dit bekend geword het dat duisende blanke kinders behoeftig is. Beroepe is op lede gedoen vir geldelike donasies, maar dit is gou uitgebrei na die skenk van voedsel, klere en komberse. Voedingsprojekte is by skole in Pretoria en aan die Rand begin en Giel Groenewald, broer van Jan Groenewald, en 'n handvol vrywilligers het dit op hulself geneem om die voedsel te versprei. Dr J.S.M. Boshoff het as leier van die Boervrou en die Volkshulpskema opgetree en sedert 1987 het Susan Pellechien as uitvoerende sekretaresse gedien. Die verspreiding van voedsel is deur Boervrou-burgerrade en die Boerejeug onderneem en Burgerraadsleiers is dwarsoor die land opdrag gegee om hulpbehoewende blankes in hul streke te help. Teen 1989 is ongeveer 14 000 kinders landswyd van 'n daaglikse maaltyd voorsien. Gedurende die laaste drie maande van 1986 is meer as 300 ton voedsel versprei en teen 1988 het die skema na bewering meer voedsel en klere versprei as die amptelike liefdadigheidsprojekte van die regering. Die voedsel is in kleiner houers met AWB-etikette verpak sodat die ontvangers altyd bewus was van wie dit kom. Hierdie optrede, onder die leuse van "Ons gee om", het sekerlik daartoe gelei dat die steun vir die AWB onder die blanke werkersklas gestyg het.[108] Tog is hierdie onderafdeling van die AWB misbruik om van die harder optredes te versag, en verskeie klagtes het later ingestroom van mense wat te veel klere gekry en dit vir drank verruil het. Die gevolg was dat die skema mettertyd verdwyn het.[109]

Daar was ook van tyd tot tyd sekere spesialiseenhede of paramilitêre groepe by die AWB betrokke. Die eerste hiervan was die Stormvalke, 'n motorfietseenheid wat in 1979 ontstaan en teen 1983 self ontbind het. Die Blitsvalke, met hul wit hemde en swart broeke, het met die stigting van die AV vir die eerste keer in die openbaar verskyn, maar het nie lank bestaan nie. Die Brandwagte het in 1986 tot stand gekom as 'n gewapende kommandotipe organisasie wat blankes en hul eiendom in onrussituasies moes beskerm. In 1988 is 'n vliegklub, die Goue Arende, gestig. Aquila is in 1987 as 'n sekerheidsmaatskappy geregistreer met die doel om orde op vergaderings te handhaaf en om die leierskorps te beskerm. Dit was nooit amptelik deel van die AWB nie, maar die eiendom van Willie Olivier wat die beweging in 1989 verlaat het. Hierna het die AWB sy kommando's georganiseer en in Februarie 1992 is die na beweerde hoogs opgeleide elite-eenhede, die Ystergarde en die vroulike

---

107 H. Schlenter, Nuwe bedeling vir AWB, *Transvaler*, 1991-10-09; Anon., By die kamp stap jy nie sommer in, *Beeld*, 1990-09-18, p. 4; M. Theron, AWB gaan optree teen wegbreker, *Beeld*, 1991-03-05; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 241; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 159-160; C.M. Bakkes, Die kommandostelsel met spesiale verwysing na die historiese ontwikkeling van sy rangstruktuur, *in* P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 294-295, 300.

108 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 147-149; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 120-124; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 60.

109 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 110-112.

eweknie, die Rooivalke, aan die publiek bekendgestel.[110] Daarbenewens het die AWB ook sy eie orkes met hulle kenmerkende blou uniforms en 'n onderwater-duikeenheid op die been gebring.

Die AWB het sy eie koerantjie, *Sweepslag*, wat in 1981 vir die eerste keer uitgegee is. Die beweging het ook op 'n tyd die *AWB-Bulletin* gepubliseer waarvan Kokkie van Heerden tot met 1987 die redakteur was. *Die Stem* van Robert van Tonder, het ook vir 'n tyd lank tot ongeveer Desember 1986, as mondstuk vir die AWB gedien. Die AWB het verder ook sy eie kommunikasiemiddele georganiseer om sy boodskap uit te dra, bestaande uit 'n kassettediens wat die toesprake van die leier opgeneem en aan die publiek verkoop het.[111]

Lidmaatskap van die beweging is beperk tot blanke Suid-Afrikaanse Christene. Die magsbasis van die AWB lê op die Transvaalse en Vrystaatse platteland, maar daar is ook 'n stewige stedelike ondersteuning. Die AWB se ledetal was nog altyd 'n bron van spekulasie en dit is dan ook AWB-beleid om nie enige inligting daaroor bekend te maak nie. Volgens Jan Groenewald was die aantal ingeskrewe lede in 1988 ongeveer 14 900. Kemp het die aantal ondersteuners, wat ingeskrewe lede sowel as aktiewe simpatiseerders en mense wat gereeld vergaderings bywoon insluit, op ongeveer 300 000, dit wil sê amper 15% van die blanke kieserskorps, geskat. Terre'Blanche self het in 'n onderhoud in 1992 genoem dat die wenkommando's alleen tussen 15 000 en 20 000 lede het.[112] Volgens Kays Smit egter was die totale inkomste van die beweging in Mei 1986, wat ledegelde teen R10 per maand, verkope, koerante, vergaderingsinkomste en donasies ingesluit het, slegs R35 000. Vir Maart 1987 was dit slegs R27 000 en skat hy die ledetal vir 1987 as nie meer as 2000 nie.[113]

### iv. Ideologiese beskouings

Die AWB se eerste program van beginsels is in 1979 net na die Van Jaarsveld-insident in boekvorm beskikbaar gestel. Jan Groenewald was hoofsaaklik hiervoor en vir die opstelling van die eerste grondwet verantwoordelik. In 1986 het die Hoofraad besluit om die program van beginsels en die grondwet te hersien. 'n Komitee onder die voorsitterskap van prof. Alkmaar Swart is aangestel en hul verslag is in 1987 aanvaar. Die nuwe program van beginsels en die hersiene grondwet het in 1988 verskyn. Alhoewel die grondwet nie veel veranderings ondergaan het nie, het die program van beginsels heelwat van die eerste een verskil. In Oktober 1991 is 'n nuwe grondwet aanvaar, terwyl die 1988 program van beginsels behoue gebly het.[114]

Die AWB se beleid berus sterk op 'n Christelike grondslag. Hiervolgens word die opperheerskappy van die Drie-enige God en die leiding wat dié neem in die lotgevalle van volkere en enkelinge erken,

---

110 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 149, 158-163; Anon., Oorlog: ET en APT byeen, *Beeld*, 1992-02-03; S. Gastrow, *Who's who in South African politics IV*, p. 298.
111 P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 108, 119-120; A. Kemp, *Victory or violence*, p. 105.
112 A. Kemp, *Victory or violence*, p. 150; Anon., AWB g'n op sy laaste bene, sê ET, *Beeld*, 1992-08-08, p. 7; A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 175.
113 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 65, 89, 112.
114 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 5, 18, 142, 144; H. Schlenter, Nuwe bedeling vir AWB, *Transvaler*, 1991-10-09.

terwyl die Protestantse geloof en Christelik-nasionale lewensbeskouing die ontwikkeling van die volkslewe op alle lewensgebiede bepaal. Hierbinne versinnebeeld die Gelofte van Bloedrivier, wat op 29 November 1986 deur die beweging herbevestig is, die volk se verbondenheid met God.[115] Hierdie amper obsessiewe godsdienstige siening vorm die grondslag van die AWB se wêreldbeskouing: "Hierdie Volk het nie doodgemaak en vertrap nie, maar het beskaaf en lewe gebring, waar dood was. Hierdie Volk is egter nooit vergewe, omdat hy God se lig in Afrika ingedra het nie. Hierdie Volk word gehaat, omdat hy 'n kontrak het met die Lewende God. Daarom moet ons aanvaar dat hierdie Volk die teiken sal wees van die wêreld met sy siek Liberalisme, Kommunisme en kapitaalkragtige maatskappye, wat die wêreld moet verower."[116]

Die AWB het ten doel die instandhouding van die Gelofte en die sabbatsaard daarvan, asook die bevordering van 'n kragtige bewussyn by Afrikaner-Boere van hulle blanke afkoms en erfenis, hulle bloedverwantskap en nasionalisme en van die belangrikheid van rassesuiwerheid. Hiervolgens moet alle volksvyandige magte soos die vyandige geldmag, die liberalisme, humanisme, kommunisme en Marxisme, uitgeken, openbaar gemaak en met alle beskikbare middele bestry word.[117] Terre'Blanche het dan ook by geleentheid verklaar: "The resistance movement is not a party political movement, but rather a cultural political movement. We are what you call a 'volks' movement."[118] Die beweging omvat die hele volk en een van die doelstellings van die AWB is dan ook om alle Afrikaner-Boere en inlyfbare blanke Christene tot een Afrikaner-Boerevolk te verenig.[119]

Volgens Liebenberg plaas die AWB 'n hoë premie op die eie identiteit en die uniekheid van die volk. Hiervolgens kan die individu en groep alleen leef en ontwikkel binne die sosiale struktuur van die volk en daar moet dus teen enige vorm van volksvervreemding gewaak word. Die geestelike waardes en volksidentiteit van die Afrikaner word deur die AWB verabsoluteer. Etnosentrisme en rassemeerderwaardigheid speel hierbinne 'n belangrike rol soos blyk uit die gebruik van 'n eie ideologiese taal waarin woorde soos 'gelofteland', 'verbondsvolk', 'blanke volkstaat', 'koelies', 'verkaffering' en 'basters' 'n groot rol speel. Hiervolgens word enige pogings van regeringskant om rassediskriminasie reg te stel gesien as 'n beplande aanslag en verraad teen die volk.[120] Dit kom ook tot uiting in handelinge teen sekere individue soos in die geval met prof. F.A. van Jaarsveld waar Terre'Blanche verduidelik het: "Ons as jong Afrikaners is moeg daarvoor dat die geestesgoedere en alles wat vir die Afrikaner heilig is, ontheilig en verneder word deur liberalistiese politici, verloopte akademici en valse profete wat skuil onder die dekmantel van geleerdheid en 'n valse godsdiens ..."[121]

---

115 AWB, *Program van beginsels*, p. 28.
116 Anon., Ons stryd eindig nooit, *Sweepslag* 4(2), 1992, p. 1.
117 AWB, *Program van beginsels*, pp. 28-29.
118 A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 178.
119 AWB, *Program van beginsels*, p. 29.
120 J.C.R. Liebenberg, 'n Sosiologies-historiese ontleding van die Afrikaner Weerstandsbeweging as 'n subkultuur, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 14(1), Junie 1989, pp. 24-28.
121 Soos aangehaal in A.B. Du Plessis, Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), *in* C.J. Maritz (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika*, p. 121.

Alhoewel die beweging ontken dat hy rassisties is, vorm rassisme en blanke heerssugtige beskouings 'n integrale deel van die AWB se filosofie. Dit vloei hoofsaaklik uit die beweging se etnosentrisme en die geloof dat God die Afrikaner hier gevestig het met die doel om beskawing na Afrika te bring. Op sy tipies emosionele manier het Terre'Blanche in 'n toespraak aangevoer: "Hulle het uit die see gekom, die witmense van hierdie land. Hulle het uit die see na die suidpunt van Afrika gekom. Nie omdat hulle wou nie, maar omdat die skip gestrand het en hulle móés uitstap. Want vir baie donker jare het Afrika gelê en wag vir beskawing wat moet kom. Vir duisende jare toe ouer beskawings al gevestig was en weer geval het, het hierdie land leeg en onbewoon onder woeste vryheidswinde gewag vir die nasie wat God sou kies om hierheen te kom."[122] Die AWB se geloof in blanke meerderwaardigheid kom ook tot uiting in die beweging se sterk teenkanting van magsdeling. Terre'Blanche het dan ook by geleentheid verklaar: "The new state will have no need for blacks ... We will govern ourselves with our own superior white genes."[123]

Verskeie AWB-lede het hulle deur die jare aan rassisme skuldig gemaak. Een van die bekendste voorbeelde is die geval van die Wit Wolf, Barend Strydom, wat in November 1988 sewe swartes op Strijdom-plein in Pretoria gedood en twee-en-twintig ander gewond het. Tydens sy hofsaak het hy vertel dat swartes nie mense is nie. In 1990 is swart kinders in Louis Trichardt met sambokke geslaan en in 1991 het 'n AWB-lid, 'kommandant' Daniel Bothma van De Aar, op 'n televisie dokumentêr genoem dat swartes diere is. In Maart 1996 het Terre'Blanche self een van sy swart werkers en 'n petroljoggie aangerand. Weens hierdie voorval is hy in April 1997 aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en poging tot moord, skuldig bevind.[124]

Die beweging se eerste program van beginsels van 1979 was baie rassisties van aard en vol anti-Semitiese stellings en verwysings na die Wit Ras, die anti-Chris en die Internasionale Joodse geldmag wat dui op 'n invloed van die gedagte van 'n Joodse sameswering wat sou poog om die Christendom en die Wit Ras te vernietig. Die doel van die AWB was om hierdie aanslag teen die Christelike Wit Ras, wat deur die kragte van die Kommunisme, Liberalisme en Sionisme gelei is, af te weer. In die tweede program het die klem van ras na kultuur verskuif en word daar eerder van Boere en Boere-Afrikaners as van Blankes, gepraat. Alhoewel beide programme sterk klem op die Christendom gelê het, het die tweede een geen verwysings meer na die Jode bevat nie.[125]

Die gedenkdiens vir Rudolf Hess in 1987 en die AWB se deelname daaraan het groot kontroversie en ontevredenheid onder die Joodse gemeenskap uitgelok. Terre'Blanche het hierop gereageer deur die Jode te waarsku om nie onverdraagsaam jeens ander volke te wees nie en om nie oorsese twispunte binne die Suid-Afrikaanse politiek in te bring nie. Volgens hom het hulle bloot 'n man vereer wat die Marxisme en Kommunisme geïdentifiseer en beveg het: "It seems very strange to me that any person

---

[122] E. Terre'Blanche, Inleiding tot die mosie, *in* Afrikanervolkswag, *Stigting*, p. 85.
[123] G. Leach, *The Afrikaners*, pp. 155-156.
[124] Anon., 'Prys die Heer' toe regses na selle stap, *Beeld*, 1990-12-04; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 168-169; Anon., Kerkleiers kap terug na 'dieruitlatings', *Beeld*, 1991-02-18; L. Du Preez, Terre'Blanche skuldig aan poging tot moord, *Beeld*, 1997-04-24, p. 1.
[125] A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 18-19.

in South Africa could object to Mr Hess being honoured. Our Minister of Foreign Affairs, Mr Pik Botha, honoured the Communist Mr Samora Machel after his death. If people now say the AWB is a Nazi organisation does that mean that Pik Botha is a Communist?" En verder: "This is my country and no one will tell me whom I may or may not honour, or where I may or may not lay a wreath."[126] Die AWB se deelname aan die gedenkdiens is egter deur die media uit verband geruk. Volgens Kays Smit was die seremonie een van die goedkoopste nuusmakers vir die beweging: "Ek het die uitnodiging aan die hoofleier gegee, maar hy was nie baie geïnteresseerd nie. Inteendeel, hy was glad nie geïnteresseerd nie. Gelukkig het ek die bestelling ewe getrou in my dagboek aangeteken. Op die genoemde datum herinner ek vir Terre'Blanche weer aan die geleentheid. Sonder veel belangstelling sê hy dat ek en P.W. Bingle 'n krans moet gaan koop en namens die AWB daar moet gaan optree."[127]

Volgens Terre'Blanche verbied die Bybel die Christen om met enige ander groep 'n kompromis aan te gaan. Ten opsigte van die Jode verklaar hy: "They stand by money and power. They want to exploit the country for financial reasons. I don't think they have a loyalty for the country and for the Afrikaners."[128] Hy verduidelik verder dat die Jode links is en linkse partye finansier, en alhoewel hy erken dat die Jode 'n problematiese gemeenskap is, ontken hy dat hy hulle haat of selfs anti-Semities is.[129] In 1982 het Terre'Blanche in 'n onderhoud geëis dat die Jode van hul stemreg ontneem moes word aangesien hulle nie die RSA nie maar Israel as hul vaderland erken, en dat hulle moes besluit tussen politieke regte en ekonomiese vryheid aangesien hulle nie altwee kon kry nie. Hy het verder aangevoer dat die AWB nie anti-Semities nie, maar eerder pro-Christen is, en het ontken dat hy deur Hitler of Mussolini beïnvloed is. Alhoewel die AWB nie die Jode haat nie, het Terre'Blanche gedreig dat daar teen hulle gediskrimineer sal word indien hulle nie lojaal tot die Afrikaner vaderland is nie.[130]

Volgens Kemp kan anti-Semitisme in twee kategorieë verdeel word, naamlik die tradisionele of 'irrasionele' soort en die wetenskaplike of 'rasionele' tipe. Die Nazi's het wetenskaplike anti-Semitisme beoefen deurdat hulle beskuldigings teen die Jode met wetenskaplike feite en syfers probeer bewys het en op die Joodse betrokkenheid by kommunisme en linkse politieke en sosiale bewegings gedui het. Die meer tradisionele soort fokus op die Jode as geldskieters en die moordenaars van Christus en gebruik 'n Christelike basis as vertrekpunt. Hiervolgens val die AWB se anti-Semitisme volgens Kemp binne die tradisionele soort van die ou Christelike tradisie van Jodevervolging, alhoewel elemente van die meer fanatieke Nazi-filosofie ook voorkom. Die AWB het dan ook sterk stappe geneem om lede te verbied om aan die anti-Semitiese en ateïstiese Kerk van die Skepper te behoort. Daar was ook ten opsigte hiervan meningsverskille met die beleid van die BBB.[131]

---

126 Anon., AWB warns Jewish groups, *South African Observer* 32(3), September 1987, p. 15.
127 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 99.
128 T. Hoffman & A. Fischer, *The Jews of South Africa*, p. 187.
129 T. Hoffman & A. Fischer, *The Jews of South Africa*, pp. 188-189.
130 A. Kemp, *Victory or violence*, p. 154.
131 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 153, 155-156.

Die idee van 'n partylose volkstaat was van die begin af deel van die AWB se beleid. Die doel van die staat sou wees om die Christelike wit ras te beskerm en om skeiding tussen die rasse te bewerkstellig. Die grondgebied van die blanke staat het feitlik ooreengestem met dié van die HNP waaruit die AWB ontstaan en op daardie stadium nog bande mee gehad het. Waar die swartes en Kleurlinge onafhanklike tuislande sou kry, is die Indiërs as vreemdelinge beskou wat geen aanspraak op enige grond in die RSA het nie.[132] Terre'Blanche het ook verklaar dat magsdeling met swartes onmoontlik was: "They are very different to the White man. It is not the skin colour. I am not a racist who wants to discriminate against the Black man. We are a minority group, and it is *impossible* for a minority group to share power with a majority group who are not interested in sharing power."[133]

Dit is reeds vermeld dat die AWB se tweede program van beginsels van 1988 groter klem op volkskap gelê het en daarom meer aanvaarbaar en in ooreenstemming met die internasionale erkenning van die selfbeskikkingsreg van volke was. Hierdie beleidsverandering kan hoofsaaklik aan die invloed van Robert Van Tonder toegeskryf word. Van Tonder het al in 1977 in 'n boek, *Boerestaat*, die herstel van die voormalige Boererepublieke in 'n moderne nuwe Boerestaat bepleit. Sedert 1985 het hy al meer by die AWB betrokke geraak en was sy nuusbrief, *Die Stem*, vir 'n tyd lank die amptelike mondstuk van die beweging. Dit was dan ook in hierdie tyd dat sy idees die AWB begin binnesypel het. Die gevolg was nie net dat die AWB Van Tonder se Boerestaatgedagte as beleid aanvaar het nie, maar dat baie van die organisasies soos die BWB en BVB, wat in 1989 van die beweging weggebreek het, ook die beleid aangeneem het.[134]

Die AWB verwerp die eenheidstaat en al sy embleme wat in 1910 tot stand gekom het en verwys na die Republiek van 1961 as 'n 'vertaalde' republiek wat op die lange duur nie die vryheidsideaal van die volk kon beantwoord nie. Met 'n 'vertaalde' republiek word bedoel dat die struktuur van die Britse regeringstelsel met republiekwording behoue gebly het en dat net die titels van amptenare verander het soos in die geval van die goewerneur-generaal wat deur 'n staatspresident vervang is. Die AWB grond sy eis om die herstel van die voormalige Boererepublieke en Noord-Natal op die historiese aanspraak wat die Boervolk daarop sou hê. Hiervolgens is die ZAR en die Vrystaatse Republiek gedurende die Anglo-Boereoorlog deur die Britse Ryk van hul internasionaal erkende onafhanklikheid beroof en is die afstammelinge van hierdie burgers dus wetlik op restitusie geregtig. Die AWB verwerp derhalwe hul vroeëre partisiebeleid en verklaar selfs dat die Indiërs grond in Natal kan kry aangesien die Boervolk geen wetlike regte op enige ander grond in Suid-Afrika het nie.[135] Volgens Terre'Blanche: "... daar is geen Noorde meer waarheen ons kan gaan nie. Ons kan nie meer antwoord gee op die roep van ons gees, aan die soeke na vryheid nie, wat ons as Boerkind in die eensame vlug van die adelaar lees nie. Daar is vir ons geen wêrelddeur nie, daar is vir ons net een

---

132 A. Kemp, *Victory or violence*, p. 19-20, 104.
133 A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 179. Fischer & Albeldas kursiveer.
134 A. Kemp, *Victory or violence*, p. 105.
135 J, Van Rooyen, *Hard right*, p. 93; H. Zille, The right wing in South African politics, *in* P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, pp. 73-74; A. Kemp, *Victory or violence*, p. 110; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 7-8.

wêreld en dit is daardie wêreld, daardie aarde wat met vrou en kind se lykekleed betaal is as ons heilige besit."[136]

Die AWB se hoofdoel is derhalwe om die onafhanklike voortbestaan van die Afrikaner-Boerevolk in sy eie land en sy vooruitstrewendheid op geestelike en stoflike gebied, te verseker. Hiervolgens word die stigting van 'n vrye Christelike, republikeinse Afrikaner-Boerevolkstaat, afgeskei van die RSA, met 'n eie owerheid en waarin die geestelike grondslae en beginsels van die Boererepublieke eerbiedig word, bepleit. Binne die voorgestelde republiek moet die oppergesag en leiding van God erken en eerbiedig word. Die nuwe Boererepubliek sal 'n volkstaat wees waarin burgerskap die uitsluitlike voorreg van lede van die volk sal wees. Ander blanke Suid-Afrikaners en immigrante kan wel deur vereenselwiging met en inlywing by die volk, burgerskap verwerf. Alle burgers sal onverdeelde trou en toewyding aan die volk en sy staat verskuldig wees en enige geheime organisasies, asook alle kommunistiese en volksvreemde staats- en regeringsvorme, sal verbode wees. Die Vierkleur en ander Boerevlae sal eerbiedig word by die bepaling van 'n nasionale vlag en Afrikaans sal as enigste amptelike taal gehandhaaf, uitgebou en beskerm word.[137] Dit regverdig Terre'Blanche soos volg: "I think there is only one European or White nation, and that is the Afrikaner nation. Not that they want to discriminate against other language groups but they are the only White nation outside of Europe in Africa, with their own cultural language."[138]

Die owerheid ontvang sy gesag van God en is aan dié onderworpe. Die AWB staan vir 'n verteenwoordigende republikeinse grondwet en regeringsvorm. Die beginselgrondslag van die Boererepublieke sal nagevolg word waarin die verdeling van die volk in politieke partye uitgesluit sal wees. Aanvullend tot verkose volksverteenwoordiging op gebiedsgrondslag, moet 'n stelsel van verkose en aangestelde beroeps- en bedryfsverteenwoordiging in 'n raadgewende hoedanigheid ingestel word.[139] Hierdie laasgenoemde korporatiewe invloed is nie eie aan die Afrikaner nie en waarskynlik ontleen aan die fascistiese ideologieë van die dertigerjare.

Alhoewel die AWB buite die parlement weerstand gebied het, het die beweging volgens Chris Jooste, 'n prominente AWB-lid, nie die partystelsel volkome afgeskryf nie. Die AWB het in Oktober 1979 sy eie politieke party, die Blanke Volkstaatparty, geregistreer om die volkstaatidee te bevorder en om as 'n wettige front vir die insameling van fondse te dien. Sommige stadsrade het die oprig van AWB-plakkate verbied omdat die AWB nie 'n politieke party is nie. Dit is oorkom deurdat die naam van die Blanke Volkstaatparty in fyndruk daarop aangebring is. Indien die regering sou besluit om die AWB te verban, kon dit ook onder dié naam voortgaan. Die party is nooit geaktiveer om aan parlementêre verkiesings deel te neem nie alhoewel Terre'Blanche in 1989 gedreig het om homself in Rustenburg verkiesbaar te stel. Die party is egter op gereedheidsgrondslag gehou indien die omstandighede die gebruik daarvan sou regverdig. Aangesien parlementêre weerstand gegroei en meer partye sedert

---

136 E. Terre'Blanche, Inleiding tot die mosie, *in* Afrikanervolkswag, *Stigting*, p. 88.
137 AWB, *Program van beginsels*, p. 20-21, 28-30; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 27-29.
138 A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 181.
139 AWB, *Program van beginsels*, p. 29-30.

die vroeë tagtigerjare regs van die NP ontstaan het, kon die AWB hom al meer op sy eintlike taak van buiteparlementêre verset toespits. Die gemengde parlement word nie as die instelling en die plek waar die Afrikaner se lot bepaal gaan word, aanvaar nie.[140] Jooste het dan ook verklaar: "Die stryd in die parlement sal voortgaan solank dit die strewe na aparte vryheid doeltreffend kan dien, maar indien dit nie slaag nie, is dit nie die einde van die pad nie. Die stryd buite die parlement duur dan voort en neem in hewigheid toe."[141]

Die gedagte van rentmeesterskap moet volgens die AWB dwarsdeur die ekonomie geld. Hiervolgens is God die Skepper en Eienaar terwyl die volk die rentmeesters is wat die stoflike moet uitbou om die geestelike te dien. Die vrye ondernemingstelsel word as die sleutel tot 'n lewenskragtige ekonomie beskou en moet gehandhaaf word, terwyl kleinondernemerskap aangemoedig en beskerm moet word. Prysbinding, alleenhandel en ander belemmeringe van die vrye ondernemerskap sal nie toegelaat word nie. Die AWB het die nasionalisering van natuurlike hulpbronne en sekere industrieë voorgestaan sodat hierdie volkseiendom van buitelandse inmenging gevrywaar kon word. Vreemdelinge se grond sou gekonfiskeer word en spekulasie met grond sou onwettig wees. Die volk moet afhanklikheid van vreemde arbeid vermy. Die landbou word gesien as die ruggraat van die volkstaat en die heropbou van die platteland sou deur owerheidsweë gesteun word.[142]

Die Christelik-nasionale onderwys is deur die AWB as 'n vereiste vir die voortbestaan van die volk gesien waarbinne die geestelike vorming van die jeug vir roepingvervulling en volksdiens vooropgestel moes word. Die gesin word as die kerninstelling van die samelewing beskou.[143] Die AWB se program van beginsels omvat egter nie 'n totale samelewingsverandering soos wat wel die geval by die OB was nie. Volgens Kays Smit: "Die gewone AWB soek aksie, weerstand, oproepinstruksies en opdragte. Hy verstaan nie die gedroom oor die verlede nie en die toekoms maak lankal nie meer sin nie."[144] Vir Terre'Blanche is die lewe dan ook 'n ewigdurende stryd om oorlewing en hy beklemtoon dikwels hierdie aspek, sowel as die rebelse aard van die Afrikaner, in sy toesprake: "En hy het op die klein skippies en op die groot oseaan na 'n wilde onbekende land moes gaan omdat sy naam Protestant is, 'n protesteerder, 'n rebel in die naam van sy God en sy vaderland. Hy wou nie buk en hy wou nie buig soos hul mag dit wou nie, eerder sou hy sy knie breek of sy rug, maar self sou hy nooit buig nie. En deur die dorsland, die hartseerland, die groot berge trek hulle oor. Protestant, protesteerders, rebelle .... Rebelle, saamgekoek, gelaer, in die buik van enkele waens op die pad na 'n nuwe Afrika. Hulle is nooit anders as wat hulle ooit was nie."[145]

Vir Smit het die emosionele opsweping by die opbreek van NP-vergaderings gedurende 1986 plofpunt bereik: "Dit is asof al die verregse frustrasie, kruhede en leiersaftakeling van die afgelope dekade nou saamkom in een wanklankige geheel wat op sy lelike manier sin maak. Daardie sin vind

---

140 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 21-22; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 10, 31.
141 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 10.
142 AWB, *Program van beginsels*, pp. 31-32.
143 AWB, *Program van beginsels*, p. 32.
144 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 39.
145 P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p.37.

ons in die refreinwoorde: veg, weerstand, wapens, ensovoorts. Aanvanklik is in verregse kringe gepraat van beleidsafwyking. Dit het ontwikkel tot uitverkoop, tot verraad, verraaier .... Voeg hierby woorde met 'n politiek-religieuse gevoelswaarde soos blanke bloed en witmansland en dit word duidelik dat die toneel voorberei is vir 'n emosionele uitbarsting."[146]

Gebeure soos dié by Ventersdorp, die Wêreld-Handelsentrum in Kempton Park, die inval in Bophuthatswana, en die bomontploffings voor die algemene verkiesing in 1994, dui op die AWB se potensiaal vir geweld. Die gewelddadige en rassistiese beeld van die beweging word aangehelp deur Terre'Blanche se dreigemente van oorlog, sy openlike uitdaging van die regering, die beklemtoning van geweld in sy vurige toesprake en die militêre inslag van die Wenkommando's. Alhoewel die Wenkommando's se doel dié van selfverdediging is indien 'n burgeroorlog sou uitbreek, kan dit maklik rassebotsings veroorsaak soos wat amper in 1990 in Welkom gebeur het toe 'n swarte tydens 'n ANC-optog deur die dorp se strate, met 'n kruisboog gewond is. Daar is ook die gevaar dat meer fanatieke en ongedissiplineerde elemente, onder die leier se aansporing tot weerbaarheid, self tot optrede en geweld kan oorgaan soos in die geval van die Orde van die Dood, almal oud-lede van Aquila, wat 'n aanslag op F.W. de Klerk en ander politici se lewens wou maak.[147]

Stories oor geheimsinnige huursoldate wat AWB-lede professioneel oplei, het soms die rondte in die media gedoen en die propagandawaarde wat die beweging vir byvoorbeeld die Nasionale Party gehad het, verhoog. Keith Conroy, wat voorheen aan die Rhodesiese weermag verbonde was, was die hoofinstrukteur van die Ystergarde en is deur Hans de Leeuw, 'n kenner van die Oosterse gevegskuns, bygestaan. Alhoewel die AWB beweer het dat die opleiding wat die kommando's kry baie gespesialiseerd en van die beste in die wêreld is, is daar egter in die pers genoem dat Conroy, wat sy kennis en ondervinding tydens die Rhodesiese bosoorlog opgedoen het, se metodes outmodies en ontoepasbaar vir die hedendaagse situasie was.[148]

Terre'Blanche het ten opsigte van die AWB se bereidheid om geweld te gebruik, onder meer verklaar: "The Afrikaner will never create a revolution. There is only one organisation that could do that, and that is our organisation. But we would never start a revolution. What we have said is that, 'When the Government capitulates and all the power is handed over, the Black Revolution will start because law and order will go. Then the resistance movement will take the law and order into their own hands. They will restore law and order'. "[149] In die beweging se program van beginsels word ook aangevoer: "Die AWB as Volksbeweging begeer nie 'n rewolusie nie maar as dit op hom *afgedwing* word, sal hy met die *hulp van God* as oorwinnaar uit die stryd tree. Uit die asse van die rewolusie sal

---

146 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 61-62.

147 J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 93, 95; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 172-174; Anon., Welkom se dag van vrees, *Rapport*, 1990-08-19, pp. 1-2; G. Leach, *The Afrikaners*, p. 171; A.B. Du Plessis, Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), *in* C.J. Maritz (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika*, p. 138.

148 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 263; P. Swart, Niks uitheems aan AWB-ler en -Kaas, *Rapport*, 1992-01-12.

149 A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 179.

dan die ideaal van die Boerevolk verrys: 'n Boerevolkstaat waarin die Vryheidsideaal uiteindelik verwesenlik sal word."[150]

### v. Die AWB en ander regse organisasies

Reeds in 1980 het die AWB daarop gedui dat hy ten gunste van samewerking met ander regse groepe is en dat dit nie AWB-beleid was om na regs aan te val nie. In 1981 is die Aksie Red Blank Suid-Afrika (ARBSA) gestig waarin die kragte van Aksie Eie Toekoms, die AWB, die Kappiekommando, die Nasionale Konserwatiewe Party (NKP) van Connie Mulder en die South Africa First Campaign saamgesnoer is. Die HNP is hiervan uitgesluit en HNP-lede wat by die AWB aangesluit het se lidmaatskap is beëindig.[151] Gedurende 1986 het die KP egter dubbele lidmaatskap met die AWB toegelaat.[152]

Alhoewel daar algemeen aanvaar is dat die AWB nie veel internasionale verbintenisse het nie,[153] blyk AWB-bronne self 'n ander storie te vertel. Hiervolgens het die AWB sterk bande met regse groepe in die buiteland aangeknoop. In Augustus 1992 het 'n AWB-afvaardiging waaronder Terre'Blanche, Brittanje, België en Griekeland besoek. Die doel van die besoek was blykbaar om stewiger bande met nasionalistiese organisasies in hierdie lande te smee. Daar is ook in Mei 1992 'n Wêreldkongres in Klerksdorp onder leiding van die AWB gehou wat deur enkele buitelanders bygewoon is. Volgens *Sweepslag* het die AWB teen die vroeë negentigerjare met ongeveer 400 buitelandse organisasies gekorrespondeer en bande aangeknoop.[154]

Volgens berigte in *Sweepslag* het steun en begrip vir die AWB se saak teen die laat tagtigerjare sterk in die buiteland gegroei, was daar intekenaars in die VSA en Europa en is daar gereeld briewe ontvang van steun en versoeke om beleidlektuur.[155] Tommy Rydèn, verbonde aan die Sweedse tak van die Kerk van die Skepper, het byvoorbeeld geskryf: "The White movement is alive here in Sweden too. I am involved with a project inspired by your Ystergarde. We would like to get in touch with AWB soldiers. Send us clippings, real-life stories and advice, to inspire our own youth to set higher goals in life."[156] Ene Philipe Vigneaud van Frankryk het sy hulp en goeie wense aangebied: "I would really appreciate more news about South Africa and about your fight for our race. Let me know how I can support your struggle which is in any case the prelude to what will hapen [*sic*] in Europe." En verder: "All my sympathy and best wishes to Eugene Terre'Blanche, that wonderful Hugenot [*sic*] descendant."[157] Volgens *Sweepslag* het verskeie onbekendes in die naam van die AWB die lewe van

---

150 AWB, *Program van beginsels*, p. 12. AWB kursiveer.
151 A.B. Du Plessis, Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), *in* C.J. Maritz (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika*, p. 122.
152 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 57.
153 C. Terreblanche, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, p. 15.
154 Anon., Buitelandse betrekkinge, *Sweepslag* 5(2), 1993, p. vii; Anon., Terre'Blanche gaan oorsee, *Beeld*, 1992-03-26; Anon., Groot kongres, *Sweepslag* 4(2), 1992, p. 2; Anon., Buitelandse bande verstewig, *Sweepslag* 4(2), 1992, pp. 3-4.
155 Anon., AWBs maak stem dik in buiteland, *Sweepslag* 1(3), Mei 1989, p. 3.
156 *Sweepslag* 5(4), 1993, p. 11.
157 *Sweepslag* 1(3), Mei 1989, p. 9.

die vyande van Suid-Afrika versuur en oral in die buiteland het stemme opgegaan wat die AWB se boodskap verder uitgedra het. So byvoorbeeld het Engelse 'AWBs' met nagemaakte sewes en arende op hul arms en hempsakke in die strate op skollies en leegleërs toegeslaan. In Australië is 'n winkelpop in die naam van die AWB volgens die 'necklace'-metode verbrand. Ook in Amerika, Kanada, Duitsland, Nederland, Frankryk en Nieu-Seeland het die AWB se naam opgeklink en is die Drie Sewes-teken nogal gewild onder skinhead-groepe in die buiteland.[158]

Hierdie buitelandse verbintenisse moet egter nie oorbeklemtoon word nie. Volgens Smit was regses in die buiteland teen 1986 in vervoering met die AWB en sy leier. Skriftelike navrae het ingestroom, maar geen aandag gekry nie: "Verskeie briewe word geskryf om raad te vra, oor weerstand teen kommunisme, om hulp aan te bied indien nodig. Almal stel belang in hierdie organisasie met sy groot en beroemde leier. Min, bittermin het niksseggende antwoorde gekry."[159] En verder: "Wat het die buitelanders dan verwag? Binnelandse navrae was by tye tot ses maande agterstallig. Oor die algemeen was dit teen hierdie tyd baie duidelik: hier is 'n Tuisnywerheid wat net ingestel is om geld in te bring. In nasorg en bou het hulle nie belang gestel of van geweet nie. Daar was soms nie tyd nie, of ander kere het die kennis ontbreek."[160]

### vi. Simboliek

Die heel eerste kenteken van die AWB was 'n vierpuntige ster binne 'n sirkelmotief met 'n 'A' en 'W' daaroor geplaas. Dit is as die teenoorgestelde van die sespuntster van die Sionisme beskou. Die bekende drie-sewes-motief binne 'n wit sirkel teen 'n rooi agtergrond, is teen 1979 as amptelike embleem van die beweging aanvaar. Die aanvanklike ontwerp daarvan is deur Jan Groenewald gedoen terwyl Dries Alberts dit later verfyn en meer simmetries gemaak het. Die sewes-simboliek loop sterk deur die beweging; die AWB is na bewering byvoorbeeld op die sewende dag van die sewende maand deur sewe lede gestig. Die drie sewes verteenwoordig vir die AWB die Bybelse getal van voleindiging en finale oorwinning in en deur Jesus Christus. Dit staan in teenstelling en in stryd met die getal 666 van die anti-Chris. Die sirkelvorm simboliseer aaneenlopende beweging en dus 'n ewige lewe in Jesus Christus. Die rooi simboliseer die bloed van Christus sowel as dié van die Christen en Afrikaner-Boer. Die wit staan vir die suiwerheid van die ideaal, terwyl die swart dapperheid verteenwoordig in teenstelling met die 1979-verklaring van kontras met die wit as 'n simbool van skeiding en rassesuiwerheid. Die pers het die embleem aanvanklik as 'n mannetjie wat in 'n sirkel hardloop beskryf, maar verwysings daarna het gou na 'swastika-agtige' en 'Nazi-agtige' beskrywings verander.[161]

---

158 Anon:, AWBs maak stem dik in buiteland, *Sweepslag* 1(3), Mei 1989, p. 3; Sien ook D. Voll, A few good Nazis, *Esquire* 125(4), April 1996, pp. 108, 112.
159 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 73.
160 K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 112-113.
161 P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 126; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 18, 21, 152-153; AWB, *Program van beginsels*, p. 16.

Die drie-sewes-vlag herinner sterk aan die swastika-vlag van die NSDAP en Jan Groenewald het in 'n onderhoud met Kemp erken dat, alhoewel die oorspronklike idee agter die drie sewes die voorstelling van die Bybelse getal van volmaaktheid was, die Duitse geskiedenis wel 'n rol kon gespeel het in die ontwerp en kleurkeuse van die embleem. Kemp het dan ook beweer dat, aangesien geen Suid-Afrikaanse geskiedkundige voorganger daarvoor gevind kon word nie, die verskillende betekenisverklarings van die kleure van die vlag die AWB verskeie probleme besorg het. Die rooi, wit en swart kleurkeuse is ooglopend uit Nazi-Duitsland ontleen wat dit weer vanaf die ou Duitse keiserlike vlag afgeneem het.[162] 'n Versoek van die beweging om die drie-sewes-embleem as alleen eiendom van die AWB te registreer, is gedurende 1990 deur die heraldiek-komitee van die Departement van Nasionale Opvoeding afgekeur: "Die besluit van die komitee is gebaseer op sy bevindings dat die voorgestelde embleem, wat ten opsigte van ontwerp en kleure, 'n sterk ooreenstemming toon met die kentekens van die NSDAP (Nazi-party) uit die tyd van die Hitlerbewind in Duitsland, aanstootlik is. Ingevolge 'n beleidbeslissing van die raad van heraldiek ..., is embleme wat deur die bevoegde heraldiese instansies as aanstootlik bevind word, nie vir registrasie aanvaarbaar nie."[163]

Die Drie Sewes is ook nie so uniek as wat algemeen aanvaar word nie. Dit herinner sterk aan die antieke Griekse driebeen of Triskelion wat reeds 500 vC op munte aangebring en vooruitgang en mededinging gesimboliseer het. Die driebeen, wat as 'n variasie van die swastika beskou word, het algemeen in Klein-Asië en dele van Keltiese Europa in die jare voor Christus voorgekom en het waarskynlik 'n verband met die vuurkultus en aanbidding van die Son gehad. Binne die kontemporêre wêreld gebruik die eilandstaat Man steeds die driebeen as amptelike wapen en kom dit ook op die eiland se geld voor.[164] Die ooreenkomste tussen die Drie Sewes en die antieke driebeen-simbool het ook nie die AWB verbygegaan nie en die beweging het in *Sweepslag* sarkasties daarop gereageer: "Is die Britse Regering nog altyd in die geheim Nazi's, of behoort die plaaslike regering van die Isle of Man heimlik aan die AWB?"[165]

Tydens 'n besoek aan Londen in 1990 het Terre'Blanche op Britse televisie, op 'n vraag of die AWB met voorbedagte rade kentekens aangeneem het wat baie met dié van die Nazi's ooreenstem, geantwoord dat dit bloot toevallig is as daar sodanige ooreenkomste sou wees. Hy het ook aangevoer dat die lede van sy beweging nie bruin uniforms dra nie, maar die tradisionele kakieklere van die Afrikaner.[166] Ten spyte hiervan stem die vlag van die Ystergarde egter ook te veel ooreen met die ou vlag van die Duitse keiserryk, sodat dit nie bloot toevallig kan wees nie. Die ou keiserlike vlag, wat steeds gewild is onder skinheads en neo-Nazi groepe, het bestaan uit 'n wit agtergrond met swart strepe in die vorm van 'n kruis daaroor. Waar die strepe bymekaarkom is die swart keiserlike arendembleem in 'n sirkel geplaas. 'n Swart Ysterkruis met 'n rooi streep daaronder kom in die

---

[162] A. Kemp, *Victory or violence*, p. 152.
[163] K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 219.
[164] E. Krause, *Tuisko-Land der arischen Stämme und Götter Urheimat*, p. 351; C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 194, 360.
[165] Anon., Is die "Isle of Man" AWB of Nazi?, *Sweepslag* 3(1), Januarie/Februarie 1991, p. 9.
[166] Anon., AWB-leier in Londen, *Sweepslag* 2(7), Julie/Augustus 1990, p. 1.

boonste linkerkantste hoek voor. Die Ystergarde-vlag van die AWB volg die basiese patroon en kleurskema, maar bestaan uit 'n swart vlag met wit strepe. In plaas van die arend is daar 'n man in 'n harnas en die Duitse Ysterkruis is met 'n arend en drie sewes vervang.[167] Die swart uniforms van die Ystergarde herinner dan ook baie aan dié van die Nazi's se SS.

Die arend is 'n ander kenteken wat 'n prominente plek in die beweging beklee en wat saam met die Drie Sewes al dikwels tot vergelykings met die Nasionaal-Sosialisme gelei het. Hierdie beskuldigings word deur die AWB ontken en afgeskryf as regeringspropaganda. Volgens die program van beginsels word die AWB-arend stillisties uitgebeeld om hom van alle ander arendembleme te onderskei. Die arend is vir die AWB die simbool van die beskermende sorgsaamheid van God, en dit is in die verlede al deur baie Christenvolke gebruik en het ook bokant die landswapens van die Boererepublieke gepryk.[168] Die arendsimbool van die Boererepublieke is egter realisties uitgebeeld en Kemp beweer dan ook dat wanneer die arend met uitgestrekte vlerke bokant die drie-sewes-simbool geplaas word, daar nie enige twyfel oor die ware oorspronge daarvan kan wees nie.[169]

Die Transvaalse Vierkleur is die derde embleem wat algemeen deur die AWB gebruik word. Dit was die amptelike landsvlag van die ZAR en vir die AWB is die Vierkleur steeds die simbool "... van 'n roemryke stryd en die volk se onblusbare strewe na vryheid in 'n eie vrye Boerevolkstaat."[170] Die drie embleme van die beweging word in die Wenkommando's se uniforms byeengebring: die Vierkleur op die linkerbors, die Sewes op die regterarm en die wit arend op die linkerarm. Die kommando's se kakiekleurige uniforms stem baie ooreen met die bruin uniforms wat deur die Nazi's se SA gedra is. Teen die middel negentigerjare is hierdie uniforms egter deur spesiaal ontwerpte kamoefleerdrag vervang. Die beweging het verder ook sy eie lied wat deur Terre'Blanche geskryf is, 'n eie handdruk bestaande uit 'n greep om die gewrig, en 'n saluut bestaande uit 'n opwaarts gebuigde regterarm met die handpalm na buite. Terre'Blanche het die saluut die eerste keer in die openbaar na sy toespraak by die stigtingsvergadering van die Afrikaner-Volkswag gegee, 'n handeling wat groot opspraak gemaak en veroorsaak het dat hy met Hitler vergelyk is.[171]

### vii. Die AWB as fascistiese beweging

Dit is reeds genoem dat die AWB as 'n nostalgiese vorm van die fascisme beskou kan word wat baie van die ideale van die Ossewa-Brandwag wil laat herleef. Die AWB voer self sy ontstaan na die OB terug en verskeie oud-lede van die OB was dan ook deur die jare by die AWB betrokke. 'n Bekende voorbeeld is die befaamde rofstoeier, Manie Maritz, die seun van genl. Manie Maritz, wat in sy jeug aan die OB behoort het.[172] 'n Ander oud-lid van die OB was die redakteur van die *AWB-Bulletin*,

---

[167] Sien *Sweepslag* 5(4), 1993, p. 1.
[168] A. Kemp, *Victory or violence*, p. 151; AWB, *Program van beginsels*, p. 15.
[169] A. Kemp, *Victory or violence*, p. 152.
[170] AWB, *Program van beginsels*, p. 15.
[171] Sien AWB, *Program van beginsels*, p. 4; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 36-37; Vir afbeeldings van die handdruk en saluut sien *Beeld*, 1991-08-13 en *Rapport*, 1990-05-13, p. 3 onderskeidelik.
[172] M. Maritz, *Bloed en sweet*, p. 15.

Kokkie van Heerden, van wie Terre'Blanche na sy afsterwe in 1987 in 'n huldeblyk geskryf het: "Vir my as leier van die AWB was jy die grootste inspirasie. Ek is dankbaar dat die Beweging wat jy gebou het, jou na jou laaste rusplaas, die Heldeakker van die OB kon neem."[173] In 'n onderhoud het Terre'Blanche ook opgemerk: "My pa was 'n stormjaer in die OB gewees, ek het in 'n OB huis grootgeword."[174]

Verskeie elemente binne die AWB-ideologie dui op 'n fascistiese inslag waaronder die verabsolutering van die volk, die korporatiewe stelsel van beroepsverteenwoordiging en Terre'Blanche se klem op die belangrikheid van grond en die gebruikmaking van die sogenaamde bloed-en-bodem retoriek in sy toesprake. Dit herinner sterk aan die idees van die Nazi Walther Darré waarvolgens daar 'n verband tussen bloed en bodem bestaan en 'n volk se aard deur die bodem bepaal word.[175] In een van sy toesprake noem Terre'Blanche byvoorbeeld: "En die Witman en die nuwe blanke volk, die word soos sy land. Hy word só hard soos sy land. Hy word só suiwer en só sterk."[176] En ook: "'n Volk wat nie grond het nie, is 'n swerwersvolk, want uit grond groei krag, uit grond groei trou, uit grond groei kultuur. Dit is die akker, dit is die basis waarop 'n volk se totale volkwees groei. As jy op 'n ander se grond woon, sterf jou kultuur."[177]

Alhoewel die militaristiese inslag van die beweging nie noodwendig vreemd is aan die Afrikaner met sy militêre leierskapstradisie nie en die kommandostelsel uniek aan die Afrikanervolk is, is die ikonografiese gebruik van embleme en uniforms uitheems van aard en nie deel van die hoofstroom Afrikanernasionalisme nie. Die AWB se uniforms bring dan ook nie, soos wel die geval by die OB was, enige elemente van die tradisionele Afrikanerdrag byeen nie. Die beweging het verder ook 'n hoogs gesentraliseerde burokrasie wat rondom die persoon van Terre'Blanche, wat besluitneming en vetoregte op elke vlak van die beweging het, georganiseer is. Die Hoofleier se dinamiese persoonlikheid en besondere leierskaps- en oratoriese eienskappe speel 'n belangrike rol in die vestiging en uitbouing van die beweging en die AWB leun swaar op die openbare trefkrag van sy leier. Dit het dan ook veroorsaak dat Terre'Blanche se privaat lewe en beweerde verhouding met Jani Allan die AWB se ontwikkeling as politieke beweging grootliks in die wiele gery het.[178]

Vir Van Tonder dui die beweging se program, optrede en organisasiestruktuur daarop dat dit 'n nasionaal-sosialistiese beweging met 'n fascistiese struktuur en eie burgermag is: "Die AWB is uitgesproke anti-Semities, verwerp die partywese, is 'n anti-stelselbeweging, met ander woorde, wil die bestaande orde omverwerp en 'n volksdiktatuur - 'n eksklusiewe Blanke (Afrikaner) staat - stig. ... Die AWB ... grond baie van sy standpunte op argumente rondom soortgelyke bewegings gedurende die dertigerjare. Soos vroeëre organisasies van dié soort het dit ook 'n kultuskarakter met die

---

173 P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 108.
174 Anon., Die waarheid agter die leuens: Eugene Terre'Blanche - orator en volksleier, *Boerant*, Augustus/September 1998, p. 9.
175 Sien I. Scöffer, *Het nationaal-socialistische beeld van de geschiedenis der Nederlanden*, gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Amsterdam, 1956, p. 26.
176 E. Terre'Blanche, Inleiding tot die mosie, *in* Afrikanervolkswag, *Stigting*, p. 86.
177 P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 34.
178 A.B. Du Plessis, Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), *in* C.J. Maritz (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika*, p. 119; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Unisa, 1992, pp. 302-303.

gepaardgaande karakteristieke nasionaal-sosialistiese eksentrieke fascistiese leierspatroon, -beeld en -retoriek."[179] Vir Leach is die AWB ook nie tipies van hoofstroom Afrikanernasionalisme nie. Hy verwys spesifiek na die beweging se anti-parlementarisme en bereidheid om geweld te gebruik, die kragtige gebruik van simbole, baniere en embleme en die idee van Terre'Blanche as 'n soort *Führer*. In hierdie verband noem hy dat terwyl die Afrikaner nog altyd sterk leiers ondersteun het, hulle vanuit die volk self ontstaan het en nie soos Terre'Blanche, daarop afgedwing is nie.[180]

Die AWB self ontken dat dit 'n nasionaal-sosialistiese beweging is en maak sodanige beskuldigings af as regeringspropaganda om die beweging te diskrediteer: "Diegene wat hom [Terre'Blanche] aan Adolf Hitler verbind en hom uitmaak vir 'n neo-Nazi suig hierdie bewerings uit die duim. Gebruikmaking van die woorde Hitler, Nazi en neo-Nazi het effektiewe skelwoorde van die twintigste-eeuse liberalis geword. Om iemand hiervoor uit te skel is, danksy die media, 'n finale metode om iemand te diskrediteer."[181] Hierdie ontkenning het dan ook veroorsaak dat die beweging toestemming aan Roger Griffin om 'n gedeelte van hul partybeleid in sy antologie oor die fascisme aan te haal, geweier het.[182]

Kemp voer aan dat die AWB die toets vir 'n ware Nasionaal-Sosialistiese filosofie faal. Die beweging se wêreldbeskouing is, ten spyte van 'n rasse-standpunt, op kultuur en nie ras nie gebaseer, en sy anti-Semitisme is volgens die tradisionele Christelike beskouing en derhalwe nie heeltemal in navolging van Hitler nie. Kemp noem egter ook dat daar uitwaarts, in die geüniformeerde bruinhemde, embleme en organisatoriese struktuur, sterk ooreenkomste met dié van die Nazi's se SA en partystruktuur is. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat die AWB 'n kombinasie is van die uitwaartse eienskappe van die Nasionaal-Sosialisme, terwyl dit op 'n suiwer filosofiese vlak 'n kombinasie van ekstreme Afrikanernasionalisme en Christelike anti-Semitisme verteenwoordig.[183] Griffin voer ook aan dat alhoewel die AWB-leierskap elke reg het om die taksonomiese klassifikasie van 'fascisties' te verwerp, akademici wel elke reg het om die beweging as 'n oorspronklike voorbeeld van 'n na-oorlogse, nie-Europese vorm van die fascisme, te beskou.[184]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die AWB wel aan die meeste kenmerke van 'n fascistiese beweging voldoen en alhoewel die palingenetiese mite nie sterk teenwoordig is nie, word terme soos 'nuwe Afrika' en die nuwe, moderne volkstaat wat uit die 'asse van die revolusie' kan verrys, wel gebruik. Aangesien die beweging nie bloot die Boererepublieke wil herstel nie, maar 'n nuwe en moderne volkstaat wat daarop gebaseer is, wil stig, kan die AWB eerder as 'n voorbeeld van 'n akkulturatiewe versetbeweging en meer spesifiek as 'n kulturele vernuwingsbeweging, gesien word. Griffin beskryf dan ook die AWB as 'n separatistiese nasionalistiese beweging wat wel sekere fascistiese eienskappe toon. In die beweging se vermenging van ultra-nasionalisme en Christelike

---

179 J.J. Van Tonder, Die ver-regse groepe in die Suid-Afrikaanse politieke spektrum, *Buurman* 12(3), Maart-Mei 1982, p. 7.
180 G. Leach, *The Afrikaners*, p. 169.
181 P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 32.
182 R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 376.
183 A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 156-157.
184 R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 378.

fundamentalisme verkry dit vir hom 'n kenmerkende eiesoortigheid wat die aaneenlopendheid daarvan met die OB illustreer.[185]

Volgens Leach kan die opkoms van die AWB nie noodwendig aan 'n latente fascisme binne die Afrikanerdom toegeskryf word nie. Vir hom hou die sukses van die beweging eerder verband met die verval van apartheid en die onvermoë van die NP om dit met 'n nuwe filosofie te vervang. Die onsekerhede wat deur die ideologiese vakuum veroorsaak is, en die behoefte aan 'n anker en 'n gevoel van behorenheid wat vanweë die veranderende tradisionele verwysingsraamwerk ontstaan het, het die regse Afrikaner toeganklik vir die ideologie van die AWB gemaak.[186] Binne hierdie verband verklaar Welsh dan ook dat alhoewel dit aanloklik is om die AWB as 'n neo-Nazi beweging te beskryf en dat die AWB se uitlatings en aktiwiteite hierdie versoeking versterk, dit misleidend kan wees om bloot enige vorm van blanke nasionalistiese politiek binne 'n fascistiese vorm in te forseer. Hy vergelyk daarom die AWB eerder met die Amerikaanse KKK wat aanvanklik as 'n vigilante-groep gestig is om die instelling van rassegelykheid binne die oorwonne Konfederasie teë te staan.[187]

Die AWB is derhalwe 'n inheemse nostalgiese variasie van die fascisme wat soos die Boerenasie, verskeie mimetiese eienskappe toon. Afgesien van hierdie twee bewegings en die ander nostalgiese variasies van die fascisme wat na die oorlog in Suid-Afrika te voorskyn gekom het, het die veranderende politieke omstandighede teen die sewentiger- en tagtigerjare ook tot die ontstaan van meer fanatieke, uitheemse en mimetiese fascistiese groepe aanleiding gegee.

---

185 R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 376-378.
186 G. Leach, *The Afrikaners*, p. 168.
187 D. Welsh, South Africa's ultra right - part two, *Patterns of Prejudice* 23(1), 1989, p. 7.